

DIE KARAKTERPAEDAGOGIEK VAN
FRIEDRICH WILHELM FOERSTER.

deur

CAREL KRUGEL OBERHOLZER.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad van

MAGISTER EDUCATIONIS.

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

1937.

INHOUDSOPGAWE.

<u>INLEIDENDE BESKOUINGE</u>	<u>Bladsy</u>
Die Unieke Posisie van Foerster in die huidige paedagogies-filosofiese Literatuur.	1.
<u>HOOFSTUK EEN</u>	
Kultuurfilosofie en Etiek as onderbou vir sy karakterpaedagogiek.	15.
<u>HOOFSTUK TWEE.</u>	
Die eintlike Karakterpaedagogiek van Foerster.	30.
<u>HOOFSTUK DRIE.</u>	
Samevatting: Waarderend en Krities.	51.

INLEIDENDE BESKOUINGE.

DIE UNIEKE POSISIE VAN FOERSTER IN DIE HUIDIGE PAEDAGOGIES-FILOSOFIESE LITERATUUR.

Teneinde Foerster se posisie in die huidige paedagogies-filosofiese literatuur enigsins na waarde te skat en juis te karakteriseer, sal dit dienlik wees, om baie kursories een en ander te konstateer wat kenmerkend is van die huidige strominge in die Filosofie sowel as Paedagogiek.

Ten aansien van die huidige stand van filosofiese denkarbeid, is dit besonder tiperend, dat eeue-oue strydvrae en probleemkwessies hulle opnuut weer aktueel voordoën. Die Griekse Filosofie het twee baie belangrike tydperke bevat: in die voor-Sokratiese denke het ons dit hoofsaaklik met 'n kosmologiese probleem te doen, daarna met 'n antropologiese. Laasgenoemde is deesdaags beslis weer kenmerkend vir die huidige stand van wysgerige denkarbeid. Daar het sedert die eeuwisseling 'n besonder prominente belangstelling ontstaan, nie soseer meer vir metafisiese, kosmologiese en logiese bespiegeling nie, as juis vir kenisteteorietiese, en meer in die besonder nog vir etiese en veral kultuurfilosofiese probleemkwessies. Laasgenoemde aspekte van wysgerige denkarbeid skyn die westerse denke op die oomblik betreklik te oorweldig. Daar het selfs 'n Waardefilosofie soos die van Windelband en Rickert ontstaan, die Kultuur- en Lewensfilosofie van Spengler, Keyserling en Schweitzer, die Fenomenologie van Husserl en Scheler, wat ook ooreenkoms vertoon met die van Windelband en Rickert.

Die vraag wat ons hier interesseer, is waarom dat huidige wysgerige denkarbeid 'n primêr antropologiese inslag dra. Verskillende antwoorde kan aangevoer word, maar waar die toespitsing op uitsluitlik een aspek van menslike navorsingsvermoë by implikasie sy eie bankrotskap en boedeloorgee omhels, gaan ons gewoonlik weer na die ander uiterste,

om/.....

om naamlik so ver as moontlik weg te kom van alle onheil wat ons aankleef. Die tese- antitese- sintese-gedagte van Hegel bly altyd waar.

Die negentiende eeu het 'n oorwegend intellektualistiese strekking gedra. Dit blyk op byna haas elke terrein van wetenskaplike denkarbeid, nie minder ook op die terrein van die Opvoedkunde nie.

Om maar enkel twee vertakkinge van wetenskaplike denkarbeid hier te noem: op die terrein van die Psigologie is tot cirka 1879, die geboortjaar van die nuwere Sielkunde, laasgenoemde as onderdeel van die Wysbegeerte beskou. Gedurende al die voorgaande eeue was haar strekking suiwer spekulatief, maar met die uitwerk van 'n eie metodiek, tegniek en terminologie, het sielkundige probleme toeganklik geword vir laboratoriumondersoek. Van 'n spekulatiewe, intellektualistiese het sy 'n empiriese wetenskap geword, wat sig egter veral sedert die eeuwisseling gaan opdeel het in 'n aantal skoolsielkundes wat nog heersend is in ons tyd. So kan ons noem die Personalisme van Stern, die bewussyns- of empiriese Sielkunde, die Behaviourisme, die Psigo-analise en die Geesteswetenskaplike Sielkunde. Hoe verskillend feite en grondbeginsels ook al mag wees wat hierdie skoolsielkundes kenmerk, die feit bly staan, dat die oorwegende tendens alles behalwe intellektualisties is.

Op natuurwetenskaplike ondersoekingsterrein is 'n verandering in betragtingswyse nie minder ooglopend nie. Die bekende formulering van La Place het sy geldigheidsimplikasies vir meer as 2000 jaar gehandhaaf. Die bekende logiese vooropstelling en denknoodwendigheid het gedurig sy empiriese aanwendbaarheid bewaarheid gevind, en kon by voorbeeld uit bepaalde gegewens bepaalde konklusies getrek word. Vandag word vanuit die gesigshoek van baie ficici in stede van 'n deterministiese 'n indeterministiese, 'n byna ander as logiese betragtingswyse voorgestaan.

Dit/.....

Dit wil ons voorkom, asof die huidige wetenskap in al sy vertakkinge in diens van die kategorie 'lewe' staan. Histories kan dit ook maklik verklaar word. Gedurende die laaste kwart van die vorige eeu het die denkbeelde van Darwin oor die wêreld bekend geraak. Waar die beskouinge van Darwin biologies-evolutionisties georiënteerd is, kry ons by Nietzsche 'n meer wysgerige verdieping van dieselfde vraagstuk, met ook nog 'n sterk biologiese tint. Geestesverwante van Darwin en Nietzsche is o.a. Freud en Haeckel, eersgenoemde met sy leer oor die Seksualiteit en histerie, laasgenoemde met sy leer van die perfekte Materialisme.

Die denkbeelde van Nietzsche het maar pas na die wêreldoorlog eers begin uitryp, as gevolg waarvan epigone soos paddastoel hulle verskyning gemaak het, onder welke op die gebied van die Opvoedkunde A.S. Neill die mees-uitgesproke is. Min word dan ook beseft dat die bydrae is van Darwin maar veral Nietzsche tot huidige opvoedkundige denkwyses. 'n Suiwerder vorm van lewensfilosofie, onthef van alle nihilistiese en immoralistiese tendense, is die veredelende lewensfilosofie van Schweitzer met sy credo van "Eerbied vir die Lewe" - "Ich bin Leben was leben will, inmittels von Leben was leben will."

Parallel met die wetenskaplike konsentrasie op die kategorie 'lewe', loop ook die geweldige wetenskaplike ontdekkings met hulle empiriese aanwendbaarheid, waarin hulle ten dienste van die lewe gestel word. Wetenskap en wetenskaplike ontdekkings het tegniek geword, en wanneer ons veral die invloed van die moderne tegniek in oënskoue hou, met daarby die invloed van Nietzsche en Freud, wat nou eers deurwerk, kan ons die huidige kultuurkrisis des te beter verstaan, en veral hieruit verklaar, waarom huidige wetenskaplike denkarbeid so 'n sterk antropologiese inslag dra, meer nog, waarom daar so baie van Kultuurfilosofie gepraat word. Ons hele westerse kultuur

het/.....

het as gevolg van die wetenskap en tegniek in 'n beskawings-
tegniek verander, met die gevolg dat die hele kultuur 'n
siellose meganisme geword het, waarin die tegniek die mens met
sy siel oorweldig het. En as gevolg van hierdie oorweldiging
van die geestesleie en geestesleise van die mens, soek hy
angsvallig na die rehabilitering van homself uit sy eie
skepping, m.a.w. waar die mens tot dusverre skeppend te werk
gegaan het, begin hy deesdae besinnend en waarderend teenoor
sy eie handewerk staan, om tans 'n sogenaamde Filosofie van
die Tegniek op te bou. Dis dan ook wat Spengler in sy
"Der Untergang des Abendlandes" betoog: elke kultuurkring het
sy eie siel, en bygevolg sy eie openbaringsvorme in die
geesteslewe: eie godsdiens, wetenskap, ekonomie, ens. Elke
kultuurkring deurloop die stadia van eie jeugbloei en lewens-
volheid, om daarna weg te kwyn, en enkel 'n mummie agter te
laat. Spengler kom tot die gevolgtrekking dat die westerse
kultuur haar siel verloor het, en 'n stadium van ondergang
binnegetree het. As gevolg hiervan word deur wysgere wat as
lewensprofete poseer, so'n intense belangstelling getoon in
etiese en kultuurfilosofiese probleemaangeleenthede. Dis
hulle, waaronder Schweitzer, Keyserling, Scheler, Huizinga,
Spengler, en miskien die meeste van almal, Foerster, wat
vorentoe kom in die stryd vir 'n erkenning om behoud van
alles wat eie is aan die mens, kragtens welke hy deurgaans
sigself nog as mens sal kan handhaaf.

Indien die voorgaande 'n min of meer juiste
karakterisering mag wees van die heersende tendense op die
gebied van die algemene wetenskap en Filosofie, dan moet
hierdie wysgerige ondergrond as verklaringsgrond aangevoer
word vir die algemene en nuwe strominge op die terrein van
die Opvoedkunde. Trouens: dit staan vir ons vas: opvoed-
kundige uitgroeisels kan nie verstaan word, as ons hulle nie
uitdiep tot in hulle wysgerige wortels waaruit hulle spruit
nie/....

nie. Die denker gaan gedurig die paedagoog voorop; ons heersende lewensbeskouing bepaal deurgaans ons opvoedkundige teorie, derhalwe dat moderne pedagogiese strominge organies saamhang met heersende wysgerige gedagtege. Die skool het dus ook geen eie beweging nie, sy is geen skeppende nie, maar 'n bewarende krag, wat in haar aktiviteite vorm aan die ideë probeer gee. Dit val natuurlik te begrype, dat nuwe opvoedkundige denkwyses altyd eers sal volg, nadat aan die vir die bepaalde tyd heersende lewensbeskouingsvraagstukke moontlike oplossinge voorgehou is.

Om nou ten aansien van huidige opvoedkundige beweginge die grootste gemene deler aan te toon, sal nie so maklik val nie, want waar lewensbeskouingsvraagstukke reeds so uiteenlopend kan wees by verskillende volkere, sal dit ten aansien van die Opvoedkunde nog meer ooglopend wees, omdat die opvoedkundige probleme van elke land nasionale probleme is, en selfs in hulle nasionale perspektief so geweldig afhanklik is van die temperament, kultuurstatus, ekonomiese toestand van die volk, e.d.m. sowel as van die land se geaardheid, klimaat en node. Om dus 'n gemeenskaplike element in alle huidige strominge aan te toon, sal in alle waarskynlikheid 'n onmoontlikheid wees. (a) Tog wil dit ons tref asof die gemeenskaplike faktor in alle huidige opvoedkundige rigtinge hierin geleë is, naamlik dat aan die lig gebring word, dat opvoeding 'n aangeleentheid is wat sig uitstrek oor alle vertakkinge van die kultuur. Daar is 1. 'n bewuste strewe tot vrymaking van die skool om aan te pas by die nuwe eise van die veranderende sosiale en ekonomiese toestande van ons tyd, en 2. om onderwysmetodes te hervorm op die grondslag van vrye en natuurlike ontwikkeling van die kind, sy aangebore eienskappe, karakter en persoonlikheid. Die lewensgedagte vorm ook maar weer die strukturele onderbou van hierdie nuwe lied. Nes in die dae van Rousseau die kreet verneem is: terug tot die Natuur, is dit vandag: terug tot die Lewe, voed op
vir/

vir die lewe en wel deur die lewe. Hierdie gedagte kan as motto pryk vir alle opvoedkundiges onder die geledere van die "upper ten." Ons dink aan Dewey met sy begrip van die skool as "an embryonic community;" "de school van het volle Leven" van Jan Ligthart; Ovide Decroly se skool "vir die Lewe en wel deur die Lewe;" "die Familiëskool" van Petersen, die "Casa dei Bambini" van Maria Montessori, die werkskool van Kerschensteiner, en sovoort meer.

Die nadruk in hierdie 'lewensgedagte' as strukturele onderbou mag wellig val op hoëre geestelike lewensfunksies, op voorbereiding tot waardige burgerskap vir die sosiale lewe, die vrye uitleef van alle lewensfunksies, opvoeding tot die nasionale lewe en sovoort meer. So is ons Suidafrikaanse opvoedingstendens tans seerseker pragmatisties, in Amerika gaan dit om sosiale bruikbaarheid of gedurige sosiale rekonstruksie, en op die vasteland van Europa beslis nasionalisties.

Hoe verskillend van die hier genoemde, ander die opvoedkundige tendense ook al mag sien, wil dit ons tog tref, dat daar, ewe as op die gebied van die algemene wetenskap 'n taamlike krisiskarakter ook heers op die terrein van die Opvoedkunde, en dat ons ook hier op die vooraand van grootse gebeurtenisse staan. Simptomaties hiervan is die byna legio reeks van provinsiale, nasionale en internasionale onderwyskonferensies, wat hulle almal oor opvoedkundige en kulturele aangeleenthede uitlaat.

Ons belewe in die woorde van Ellen Key die eeu van die kind. Daar het reeds gedurende die laaste kwart van die vorige eeu radikale veranderinge op die gebied van die opvoedkunde plaasgevind. Waar die vorige eeu 'n oorwegend intellektualistiese stempel gedra het, probeer die moderne Paedagogiek sig soveel moontlik hiervan te vrywaar. Dit is dan ook vandag geen gemeenplase meer, om te hoor praat van oue en nuwe skole, oue en nuwe onderwysmetodes, oue en nuwe onderwysers, en werke met opskrif en strekking soos: The

New/.....

New Psychology, The New Teaching, Towards a new Education, Schools of Tomorrow, die Nieu Europese Opvoedingsbeweging, De Komende School, A New World in the Making, The Matter and Method of modern Teaching, Modern Developments in educational Practice, Educational Adaptations in a changing Society, Op Paedagogische Verkenning, Nieuwe Banen der Psychologie en Paedagogiek, etc. etc. Dit staan vas: die ou Leer- Luister- Stilsit- Inpomp-intellektualistiese skool het verander in 'n aktiviteit-skool, waar passiviteit eerder van toepassing is op die onderwyser as op die leerling. So het klassikale onderwys sig groteliks ingeboet vir individuele onderwys, waar selfaktiviteit as motto staan. Onderwysmetodes het verander: Die Dalton-plan, Projekmetode, Montessori-metode, die Jena-plan, die Decroly-stelsel, die Globale-metode en baie ander.

Al hierdie nuwe en hernude onderwysmetodes is almal prinsipiëel daarop bereken om elke opvoedeling primêr as individu te behandel. Trouens: die nuwere Sielkunde met sy leer van die individuele verskille vind tans in die paedagogiese wêreld ongekende toepassing. Daar word deesdae 'n byna ondeurploegbare literatuurmateriaal daeliks die wêreld ingestuur oor brandende kwessies soos Nasionalisme en Internasionalisme, die Siel van die mens in die machinale Eeu, opvoeding en wêreldrekonstruksie, die Probleem van vrye tyd, die Groot Tegnologie, nuwe Metodes, Kuns in die onderwys, liggaamlike opvoeding, psigologiese Probleme van Huis en Skool, voorskoolse opvoeding, opleiding van onderwysers, landelike onderwys, probleme ten aansien van sosiale werk, godsdiensonderwys, en nog baie ander. Alles skyn daarop aangelê te wees om tot voordeel van die kind te strek in sy probleem van gedurige aanpassing aan die behoeftes en vereistes van 'n steeds veranderende gemeenskap.

Van watter kant af ons ook al die saak mag benader, dit staan vas: die oue is verby, dit het alles nuut geword.

Dit/.....

Dit is asof ook leidende figure in die opvoedkundige wêreld 'n intuitiewe aanvoele het, dat grootse dinge ons voor die deur staan, en dat dit enkel kragtens betere opvoedingsfasiliteite is, 'n omwaardering van en heroriëntering in paedagogiese aangeleenthede, dat die wêreldorde in 'n eventueel betere rigting gestuur kan word. So kom die Nuwe Onderwysbond as internasionale opvoedkundige organisasie en bely die volgende: "It is essentially a spiritual bond, and is characterised by a new attitude towards all educational work. It is founded on the belief that education is the key to to-morrow, and that only by organising in a co-operative way all the formative influences which bear on the child through the home, the school and other social agencies, can we equip the child to solve many of the baffling social and economic problems which to-day confront us and which may be still more complex when our children grow up. It seeks further to increase fellowship in the world of education." Von Humboldt het eenmaal gesê, dat wat 'n mens in die lewe wil invoer, wers in die skool ingevoer moet word. Indien ons dus die hele kultuur van haar wanorde, verbrokkeling en ontreddering wil genees, en om haar daartoe te bring om die kosbaarste en hoogste in die sentrum van ons denk- en wilslewe te plaas, dan moet ons by die skool begin.

Wat nou in die voorgaande beskeielik gekonstateer is, moes enkel dien, om die posisie van die figuur, wie se opvoedingsleer in ons verhandelinkie bespreek wil word, des te prominenter te laat uitkom. Friedrich Wilhelm Foerster staan dan ook ten opsigte van huidige kultuur- en opvoedkundige strominge as enig en uniek. Ons meen ons het reg om te beweer dat van alle leidende figure op die terrein van die kultuur-filosofie veral, dit in die eerste plek Foerster was, wat reeds in die negentiger jare^{'n} intuitiewe aanvoele gehad het vir die katastrofe waarvoor Europa in 1914, te staan gekom

het/.....

het, sowel as dié waarvoor sy tans staan. Foerster was dit voorbehou, om as profeet 'n stem des roepende in die woestyn te wees, deur n.l. die voorbodes van die komende gerig lank vooruit te sien, en daaroor te waarsku. Hy was een van die weinige wat die camouflages van die sogenaamde moderne kultuur lank voor die oorlog reeds aan die kaak gestel het. Hy is dan ook die tipiese reaksionêre representant van ons geestes-tydperk. Alle brandende en aktuele lewensprobleme word deur hom aangeroer, soos b.v. die grondprobleme van die opvoedingsleer, die kernvrae van die sedeleer, die vraag van Nasionalisme en Politisme, e.d.m. Dis besonder kenmerkend van hom, dat alhoewel geen vakpsigoloog nie, hy tog deurgaans kunstenaarspsigoloog bly. Nou mag dit wellig juis as gevolg van 'n gebrek aan deeglik wetenskaplike psigologiese onderlegging wees, dat sy opvoedingspraktyk in baie opsigte mank gaan, 'n aspek waarin ons later in ons kritiek uitvoeriger terugkom. Foerster is verder skrywer van eersterangse gehalte, getuige sy lange lys van lesenswaardige werke. Hy poseer verder as besonder hoogstaande karakter, wat ondanks alle verguising, verdagmaking, verbanning en gevangenisstraf, trou gebly het aan die waarheid en die stem van sy gewete. Kortom: hy staan as een van die grootste huidige lewensprofete, iemand wat beslis 'n boodskap het vir die algemene opvoedingsleer, sowel as die mensheid überhaupt.

Wanneer ons oor Foerster handel, dan is ons nolens volens altyd verplig, om altoos te dink aan sy groot geesverwant Plato, op wie hy hom dan ook met besondere voorliefde gedurig beroep. Destyds, nadat die Ateense staat teenoor Sparte die onderspit gedelf het, en die vernederendste vredesvoorwaardes moes teken, was dit Plato wat deur middel van 'n nuwe opvoeding 'n wedergeboorte vir sy volk probeer soek het. Hoe verskillend ons tans oor sy voorstelle mag oordeel, die grondgedagte ewenwel van sy paedagogiek bly ewig waar, n.l. dat

die/.....

die gesondheid en welvaart van die staat op die gesondheid van die siel berus en dat die heil en geluk van die siel in selfbeheersing bestaan.

Selfbeheersing maak dan ook vir Foerster een van die sentraalste deugde uit. Waar Sokrates selfkennis in plaas van natuurkennis gepreek het, verkondig ook Foerster die evangelie van selfbeheersing en karaktervorming in teëstelling met die huidige ideaal van natuurbeheersing. Dit is besonder opvallend, dat dit by Foerster as't ware altyd om 'n polêre wisselwerking gaan, n.l. van natuurbeheersing teenoor selfbeheersing. Dit is ten aansien van die natuur as buitewêreld in teëstelling tot die natuur as binnewêreld dat die gedurige stryd woed. Wat help dit, so sê Foerster, dat ons met behulp van die telefoon en telegraaf alles wat in die een hoek van die wêreld gebeur, 'n paar oomblikke later oor die hele aardbol uitbasuin, indien daar deur die leuendes te makliker versprei? Die moderne mens roem daarop, dat hy die natuur verower het, maar sy verowering is roofbuite en geen bruidakatte nie. In stede dat ons die natuur in 'n gees van bewondering en aanbidding sal benader, het ons haar verkneg en haar verkrag, met die gevolg dat sy in opstand teen ons geraak het. Ons toenemende natuurbeheersing is 'n steeds groeiende geestelike bankrotskap. Foerster verwyt die moderne mens sy Intellektualisme en Materialisme. Die kopkultuurverniss van eersgenoemde smelt gedurig weg in die sonskyn van die werklike lewe, waaragter dan telkens die barbaar vol liefdelose kennis tevoorskyn tree. Gedurende die Middeleeue was die mense gewoon om alles in die lig van die Ewigheid te beskou. Daardeur het selfs die skynbaar nietigste arbeid of beproewing 'n diepe geestelike betekenis gekry, n.l. as middel tot loutering van die siel, tot opbouing en opvoeding vir 'n lewe hiernamaals. Vandag het ons die sin vir die geestelike betekenis van dinge en gebeurtenisse groteliks verloor, omdat ons blik oorwegend op uiterlikhede

gerig/.....

gerig is. Die volgende aanhaling sal die hele situasie, soos Foerster dit sien, pragtig karakteriseer: "Onze technische kultuur heeft het leven meer dan ooit in alle richtingen vergemakkelijkt en toch staan de menschen onbeholpener dan ooit tegenover de botsingen van het leven, - juist omdat tegenover de eeuwige tragiek van het noodlot geen bloot technische kultuur, doch slechts innerlijke kultuur kan helpen. Den veruiterlijkten mensch van den tegenwoordigen tijd echter ontbreken alle voorstellingen en krachten, waardoor hij de uitwendige prikkels en bekingen tot harmonie brengen en met zijn eigen onrust en innerlijke tweespalt tot vrede komen kan. Hij weet met het leed niets aan te vangen, niets op te bouwen; hij ervaart het slechts als doffe, lastige levensstoornis; dezelfde ervaringen, waardoor de innerlijk tot leven gewerkte mensch toeneemt in kracht en heerschappij over het leven, brengen den ontwortelden moderne in het sanatorium voor zenuwlijders (opvoeding en Zelfopvoeding: pp. 11-12)

Uit hierdie sitaat behoort dit al betreklik duidelik te wees, dat die aksent vir Foerster op die innerlike van die mens val. Ons tegniek en natuuroorheersing behoort allermins doel op sigself te wees, maar enkel middel tot die doel, n.l. die bevordering en verryking van die geesteslewe van die enkeling sowel as gemeenskap, die inleef in die wêreld van die gees, wewel as die onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die eise van die supra-empiriese. Indien sulks nie die geval is nie, is alle verowering op die buitewêreld niks anders as 'n babiloniese torenbou nie. Daarom dat dit so kenmerkend van hom is, dat getrou aan die stem van sy oortuiging hy so heftig gekant is teen alle tegniek wat uiterlik sosialiserend maar innerlik verwilderend werk.

Nes die optree van Sokrates uit die werksaamheid van die Sofiste histories te begrype val, kan ook Foerster enkel in die lig van die huidige kultuurlewe verstaan word. Vir geen oomblik mag van die veronderstelling uitgegaan word,

dat/.....

dat Foerster antagonisties staan teen ontwikkeling en vooruitgang op enige terrein nie. Dit beteken dat ons hom in 'n totaal verkeerde lig skilder. Die stryd van Foerster onderskei sig daardeur van dié van Sokrates, dat terwyl laasgenoemde die swaartepunt van die natuur na die mens op intellektuele terrein verlê. het met die leuse: ken Uself - kennis is deug, doen Foerster dit op praktiese morele gebied:

Kultuur is karakter. Foerster is voluntaris, dit is, hy vind die grondkrag van die siel nie in die verstand nie, maar in die wil: die mens is in die eerste instansie nie 'n denkende nie, maar 'n willende, handelende wese. Eensydige verstandsontwikkeling kan noodlottig word vir die karakter. In die reël vind ons waaragtige beskawing meer by die ontwikkelde middelklas as by die intellektuele elite. Nog nooit was daar, volgens Foerster, soveel sprake van die ontginning van die persoonlikheid as juis vandag nie, en tog is die hoofvoorwaarde van persoonlike lewe nog nooit so verwaarloos nie, n.l. die krag om te wil. Daarom dat 'n moderne paedagoog die teenswoordige mens karakteriseer as: "kinderwillen in mannelichamen." Iemand kan in die grond van die saak energiek wees, maar tog nog passief bly, omdat alle aktiviteit enkel voortvloei as gevolg van die druk van uiterlike prikkels en suiwer stoflike belange, maar selde of nooit kragtens die ordenende krag van sy geestelike persoonlikheid ten opsigte van wêreld en lewe nie. Ons het vandag genoeg na buite gekeerde wilskrag; dit ontbreek ons aan na binne-gerigte energie. Karakter is 'n volkome gevormde wil "Inderdaad beteekent karaktervorming in haar diepste beteekenis ook: den tyd met de eeuwigheid verbind. De ware opvoeding behoort den mensch op te heffen uit den tyd, d.w.z. uit de slappe aanpassing aan de eischen der wereld, om hem daardoor tot heer over zichzelf en de wereld te maken. De onsterflike ziel van den mensch is het, die zich weer krachtig laat gelden in het ver-

langen/.....

langen naar karakter; zÿ wil meer uit de eeuwige bronnen gevoed worden, om van daaruit wetgevend in het leven te dringen en al het tydelÿke aan de eeuwige waarheid te onderwerpen". (Opvoeding en Zelfopvoeding: p.13) Hier het ons miskien die hartaar van die Foersterse paedagogiek geraak, waarop ons nog in besonderhede sal terugkom.

Die mens is vir hom tweeling gebore. Aan die eenkant is hy uit die aarde, maar aan die ander kant nie van die aarde nie. Vir sy tyd-ruimtelik-kousale bestaan is hy dienskneg en meester van die empiriese werklikheid, maar as selfbewuste wese styg hy bo die empiriese uit. Hy is kind van die "Diesseit" maar erfgenaam van die "Jenseit." Sy verblyf is tydelik, sy bestemming ewig. Hierdie verankering van die siel in die ewige is vir Foerster geen hemelheimwee nie. Die waarheid kan enkel gevind word in 'n sintetiese gedagte tussen Idealisme en Realisme. Die sigbare, tydelike en reële ontleen al sy krag en waarde aan die bo-sinlike, ewige, ideële, terwyl laasgenoemde sig enkel via die tydelike, sigbare en reële kan handhaaf en ontwikkel.

Ons sou dit geheel-en-al mis hê, indien die hele paedagogiek van Foerster nie hierop neerkom, n.l. dat die koninkryk van die hemele op die aarde moet neerkom, en die Wil van die Vader op aarde nes in die hemel moet geskied, m.a.w. waar karakter 'n verbinding van tydelike en ewige momente beteken, sal die mens wat ons wil vorm, die sigbare simbool van onsigbaarhede moet wees. Alle skynkultuur, kopkultuurvernies, e.d.m. word dan ook deur Foerster genadeloos gelaak. En waar hierdie euwels reeds voor sowel as gedurende die wêreldoorlog maar eintlik eers daarna sulke geweldige afmetinge aangeneem het, en Foerster so dig by die krater van menslike lawa staan, kan ons nie anders, ^{nie} as om hom te regverdig in sy verwyte wat hy die westerse beskawing onmeedoënloos na die hoof slinger. Trouens: vir elke eerlikdenkende moet dit betreklik evident wees, dat Europa met sy eeue-oue kultuur deur 'n proses van verstarring/.....

verstarring en verstening bedreig word, om as 'n ontrileesde skelet in die nuwe wêreldorde te staan te kom.

Hiermee, meen ons het ons op baie kursoriese wyse die strukturele onderbou blootgelê, waarsonder die karakterpaedagogiek van Foerster nie na reg en na waarde geskat en beoordeel kan word nie. Alvorens egter op sy karakterleer ingegaan kan word, dien in 'n volgende afdelinkie net korteliks op twee ander vertakkinge van sy wetenskaplike denkwerk gelet te word. Foerster het hom steeds beywer om "alle bÿsondere opvoedingsprobleme te behandel in allernauwst verband met de eeuwigheidsvragen der ziel en met de grondvragen der kultuur." By hom vind ons deurgaans die poging om Kultuur en Opvoeding, Lewensbeskouing en Opvoedingsleer, Kultuurfilosofie en Paedagogiek in hulle wisselbetrekkinge te deurvors. Sy hele lewensbeskouing is uiteraard kultuurfilosofie, sy kultuurfilosofie wortel in sy Etiek, sy Etiek is die slagaar van sy paedagogiek. Hierdie drie gebiede hang by hom organies saam; dis dele van dieselfde geheel. Sy hele gedagtestelsel lyk na 'n boom: sy kultuurfilosofiese grondbeginsels vorm die wortels, die Etiek is die stam, die paedagogiek die kruin. Hierdie drie gebiedens lê inmeekaarge-weef, waarby 'n onderskeiding wel moontlik is, maar 'n skeiding prinsipiëel onmoontlik bly. Daarom vooraf een en ander betreffende sy Kultuurfilosofie en Etiek.

HOOFSTUK I

KULTUURFILOSOFIE EN ETIEK AS ONDERBOU VIR SY KARAKTERPAEDAGOGIEK.

In ons inleidende beskouinge oor die unieke posisie wat Foerster inneem ten aansien van die huidige kultuurkrisis, wat seerseker geen hersensskim behoort te wees: nie, het genoegsaam geblyk, dat hy ewe as ander leidende figure op hierdie terrein, diep deurdronge en bewus is van die kanker wat aan die tere weefsels van die mensesiel knaag. Hy wil, kragtens sy oortuiging, rigtingslyne probeer aangee, op basis waarvan enkeling, gemeenskap en die wêreld überhaupt sigself kan rehabiliteer uit die doolhowe waarin elkeen en almal geïnterneer is.

Ten einde Foerster in hierdie verband reg te interpreteer, dien vooraf gekonstateer te word, dat die begrip kultuur vir hom identies is met lewensfilosofie of lewensbeskouing, maar met hierdie onderskeid, dat 'n mens in die lewe, veral die kultuurlewe, die gesamentlike skeppinge van 'n hele volksgroep of van 'n hele menseras in die sentrum van die ondersoek behoort te stel.

Die grondprobleme wat hulle om die begrip kultuur sentreer, kan volgendervoeg saamgevat word: Wat is kultuur? Wat is die verhouding van mens tot kultuur? Wat is die waarde van die huidige kultuur? In antwoord op die vraag: Wat is kultuur, kontrasteer Foerster dit met die begrip beskawing. Laasgenoemde is vir hom 'n min of meer uiterlike, tegniese beskikking en ontwikkeling oor die natuur, 'n ontplooiing van tallose behoeftes. Dis bygevolg heerskappy oor die buitewêreld oor die natuur buite ons deur organisasie, wetenskap en tegniek. Waar beskawing dan 'n min of meer uiterlike kenmerk weerspieël, het kultuur veral wat sy herkoms betref, betrekking op die innerlike van die mens. In sy "Karaktervorming" p.19, formuleer hy dit volgenderwyse, "Kultuur is het ondergeschikt maken van/....

van elke individuele behoefte aan geestelýke lewensmachten, is heerschappý van den mensch over zýn eigen natuur." Watter benaming hy nou ook al aanwend, wat hy deurgaans bedoel, is etiese, persoonlike, innerlike, menslike, gewetens - wils- karakter- of sielekultuur in teëstelling met die moderne tegnieë, uiterlike meganieë, kollektiewe, intellektuele, wetenskaplike kultuur, wat in die grond van die saak niks anders as beskawing is nie. Daur al sy werke loop nou die gedagte dat: "Beschaving zonder kultuur, techniek zonder liefde is de toren van Babel." In 'n tydskrifartikel wat deur hom geredigeer word, laat hy hom as volg uit: "Kultuur is beteugeling der zelfzucht; eerbied voor anderman's rechten: tact voor anderman's gevoelens. Kultuur is zaligspreking der vreedzamen, uitbouw der levende zielegemeenschap; vindingskracht voor vergelyken; schaamte over onze klauwen der zelfzucht." Kultuur is oral daar te vinde, waar die innerlike lewe op die uitwendige dinge ingestempel word, oral waar daar styl heers en eenheid van gedagtes en beweging hulle openbaar. Die basis van alle kultuur is die opvoeding van die meer oppervlakkige deur die diepere, van die uiterlike deur die innerlike, van die liggaam deur die siel, van die massa deur die genie.

Dit dien o.i. nooit uit die oog verloor te word nie, dat Foerster, soos hy dit self formuleer "uit het consequente heidendom" voortkom. As seun van die stigter van die "Gesellschaft für ethische Kultur" het hy 'n opvoeding geniet wat op suiwer etiese a- godsdienstige grondslag berus het. Op dié wyse het hy in 'n ongodsdienstige atmosfeer opgegroeel. Heel vroeg het hy hom 'n tyd lank by hierdie vereniging aangesluit, waarvan hy ook 'n besonder ywerige lid was. Na sy promotie op 'n proefskrif oor die ontwikkelingsgedagte in die Kantiese Etiek, het hy begin voel, dat dit hom ontbreek aan konkrete kennis uit die lewe self. Deur sy intieme omgang met die volk en nouer aanraking met die lewe het hy sy eie standpunt, sy

wêreld/.....

wêreld- en lewensbeskouing meer en meer verdiep, totdat hy op laas in die Christendom beland het. Ons moet egter aanstip dat die Christendom wat Foerster voorstaan, heelwat verskil van die kerklik-tradisionele. As gevolg van hierdie wending in sy lewe, wat later die allesoorheersende en bepalende faktor geword het, het hy sy betrekkinge met genoemde "Gesellschaft" afgebreek. In hierdie lig kan ons uitsprake van die volgende des te beter verstaan: ".....daar waar de zorg voor het leven der giel niet in het middelpunt van het denken staat, is in't geheel geen kultuur mogelyk, - op den duur zelf niet eens een technische kultuur" (Karaktervorming: p.20). Dis op grond van sy christelike lewensooruiging dat hy so diep deurkne is van 'n christelike kultuurbegrip. So sê hy: "Slechts uit een diepe godsdienstige wedergeboorte, uit een doorslaande instauratio der kultuur in Jesus-Christus, slechts uit een machtige concentratie van alle levenskrachten op het unum necessarium, kan een ware diepgaande wedergeboorte tot stand komen van geheel onze kultuur, een heropwekking van ons instinct voor hoofdzaak en byzaak, voor de rangorde der levensgoederen. De moderne wysheid is zelf een chaos en derhalve kan ze het chaos niet organiseeren." Die kernoorzaak van die huidige kultuurkrisis is nie in die eerste plek van ekonomiese of politieke aard nie, maar 'n diepe krisis van die geesteslewe. Die karakter lê in die tweespalt tussen uiterlike sosialisasie en innerlike verwildering.

Met hierdie diagnose het Foerster jare voor die oorlog en selfs daarna ook vooruitgekom. Al sy uitsprake kom steeds hierop neer: ons kultuur het 'n sielloose meganisme geword waarin die tegniek die mens met sy siel oorweldig het. En dis hoofsaaklik wanneer hy die duitse kultuuroopvatting van veral voor die oorlog in die lig van sy lewensooruiging analiseer, dat hy so geweldig bitsig en skerp kan word. "Alles hangt er van af dat geheel de wereld er zich rekenschap van geeft/.....

geeft, welke mentaliteit door Duitschlands instorting werd gedoemd en welke gedachten en praktjken door dit vonnis veroordeeld werden" (Mein Kampf: p.204). Nasionalisme is vir Foerster die verderflikste kettery van ons tyd. Tipies vind hy dit in die duitse kultuurbegrip verteenwoordig. Die mens gaan op in die duitser, karakter in kultuur, die mensdom in die nasie, die wêreld in Duitsland. "Het Deutsche volk heeft een reusachtig telescoop opgericht, doch het ziet er steeds enkel de duitse ster door flikkeren." In Duitsland was die militair die hoogste bestaansvorm vir die mens. So was die militarisering van die burger en burgerlike orde, en die oormag van die militêre denke oor die burgerlike denkgereg die eintlike siel van die militarisme. So het die man opgegaan in die soldaat, die mens in die burger, mensereg in Staatsreg, die sieleheil in die Staatsheil, die Ryk in die Kazerne, die gemeenskap in die leër, die nasie in die Staat, gewete in patriotisme, die moraal in die politiek, reg in mag, politiek in Staatsegoïsme, godsdiens in Staatsdiens, en bo-al Christus in Caesar. "De Pruisen hebben de techniek der organisatie overschat en de organisatorische beteekenis van het zedelyke miskend." Nêrens het daar 'n organisasiewoede soos in Duitsland geheers nie. Nasionalisme, Staatsabsolutisme het hoogty gevier. Die mens moes sig plooi vir die stelsel, die individu vir die massa, selfbewussyn vir gemeenskapsbewussyn, die persoonlikheid vir die organisasie, vryheid vir eenheid, leiding vir dwang, Federalisme vir Centralisme, Duitsland vir Berlyn.

Net soos die politiek voorrang geniet het bo die sedelike, en die organisasie bo die persoonlikheid, so is buitewêreld bo binnewêreld gestel, natuur bo die gees, die natuurlike bo die bonatuurlike, tegniek bo die etiek, die machine bo die mens, wetenskap bokant godsdiens, die vorsi bokant die denker, die analise bokant die sintese, spesialisering bokant universalisering, wete bokant gewete, kennis bo karakter, die skool bo die lewe, en nog baie meer sulke teëstellinge. Militarisme het 'n kazernekultuur gebaar, die teg-

niek 'n fabriekskultuur, die natuurwetenskap 'n laboratoriumkultuur en die skool 'n boeke-kultuur. So sê hy in sy *School en Karakter* p.16: "De moderne mens heeft zyn belangstelling versnipperd in talloze richtingen en aldus alle voeling verloren met groote levenbarende waarheden die heel zyn leven en streven op een groot geestelyk centrum samentrekken." Nog nooit is daar soveel oor kultuur gepraat en gekibbel as tans nie, en nog nooit is kultuur meer 'n probleem gewees as tans nie. Alles word tot lewenssentrum van kultuur gemaak: 'n sportkultuur, 'n arbeidskultuur, 'n tegniese, estetiese, wetenskaplike kultuur, 'n kultuur selfs van die Erotiek.

Wat is dan die oorsaak van al hierdie tweespalte? Foerster meen dat die sintetiese gedagte sig gaan versnipper het in antiteses, 'n diversiteit van 'n kosmiese ooreenheid. Deur heel ons moderne lewe gaap daar 'n kloof tussen siel en arbeid, individu en gemeenskap, natuur en gees, gesag en vryheid, God en mens, godsdiens en lewe, wetenskap en geloof, tradisie en vooruitgang. Alle kulturele waarhede is op hol. Daar is geen eenheid, geen doelbewussyn nie, maar onderlinge stryd, 'n neurasthenie in die kulturele sensustelsel, 'n dreigende wegbreek van die individualistiese lewensdam as gevolg van die verdringing van hoëre lewensfunksies. Foerster is die oortuiging toegedaan, dat die hele siekte van die moderne wêreld opgesluit lê in 'n Individualisme. Die moderne mens het homself ingeweef in sy eie persoon, belangstelling, familie, klas, groep, volk, nasie en staat. Nasionalisme en Politisme het niks anders geword as groepindividualisme nie.

Nou tree Foerster na sy deeglike diagnose na vore om as brugbouer op te tree tussen moderne en christelike kultuur. "In al myn werken heb ik mij tot taak gesteld de bruggebouwer te zyn niet alleen tusschen de verschillende volken, tusschen traditie en vooruitgang, maar vooral tusschen de moderne stukwaarheden en de alzydige centrale levenswaarheden van het Christendom: daarom staat heel myn werk in het teeken der/.....

der synthese." Hierdie sintetiese gedagte soek hy om te bewerkstellig tussen twee moderne eensydighede, n.l. tussen 'n materialisties-realistiese eensydigheid en 'n idealistiese. Voorstanders van eersgenoemde denkrigting sien oor die hoof, dat alle materiële en organisatoriese lewensprobleme nie slegs meganies-materiël opgelos kan word nie, aan die anderkant het idealiste kontak met die nugtere werklikheid verloor, wanneer hulle volhou, dat die hoogste lewenswaarhede nie op hierdie werklikheid kan toegepas word nie. Nou tree Foerster na vore, om die kloof tussen realistiese idealiteit en materialistiese realiteit te demp, deur die invoer van sy begrip 'lewenskunde' of 'werklikheidsanalise.' Dit ontbreek ons aan werklikheidsin, kennis van onself, van die werklike mens en die werklike lewe. Moderne realiste glo aan die wetenskaplike metode van empiriese analise en induksie, maar kan nie insien, dat hierdie metode 'über sichselbst hinausverweist' en op die diepere problematiek ewe-eens van toepassing is nie. Foerster wil nou as't ware die werklikheid dwing om self getuienis af te lê vir die feit dat die lewe diepere grondslae het as die sigbare en tastbare realiteite, n.l. sedelike en godsdienstige grondslae. Deur so'n werklikheidsanalise kan daar 'n brug gespan word tussen die eensydighede van 'n uitsluitlik realistiese of idealistiese mentaliteit. Deur so'n lewenskunde sal die oorspronklik-kortsigtige realis tot die besef gebring kan word van die realiteit van geestelike waardes, omgekeerd: die idealis kan sy transcendentale idealiteit 'n immanente realiteit maak. Dis enkel onder so'n gesigspunt, dat dit tot bewussyn sal deurdring, dat die aardse op die bo-aardse, die tydelike op die ewige aangewys is, en dat die probleme van hierdie wêreld enkel vanuit 'n bo-individuele, onpersoonlike en supra-empiriese gesigspunt opgelos kan word. Dis enkel op grond van so'n coincidentia oppositorum dat alle uiterstes van 'Diesseit' en 'Jenseit' met mekaar versoen kan word. Enkel op grond van 'n sintetiese/...

sintetiese gedagte tussen Idealisme en Realisme, is dit moontlik om 'n verbinding tussen ewige en tydelike momente teweeg te bring. Nou konstateer Foerster die volgende, wat konsekwenterwyse uit al die voorgaande moet volg: "Waar de zorg voor het leven der ziel niet in het middelpunt van het denken staat is in het geheel geen kultuur mogelijk" (Karaktervorming: p.20). Die siel van alle kultuur bly maar die kultuur van die siel.

Die voorgaande is die slotsom van Foerster se werklikheidsanalise. In Christus alleen, so betoog hy, kan ons ontredderde kultuurlewe haar eenheid herwin. Hierdie gedagte word weerspieël in al sy jongere werke. Tiperende sitate is op elke bladsy te vinde. "Je tiefer man das menchenleben in seinem ganzen konkreten Inhalt erfasst, desto mächtiger wird man es für die unentbehrlichkeit der christlichen Lösungen Zeugnis ablegen sehen -und zwar auf allen Gebieten" (Politische Ethik: p.327). Wat Foerster in die grond van die saak eintlik wil, is 'n christelike Federalisme en christelike kultuurgemeenskap. Hierdie Federalisme is wesenlik niks anders nie, as 'n christelike gemeenskapsgedagte of christelike solidarisme. Wat hy wil, is dat die gees van die Christendom toegepas sal word op ons hele organisatoriese lewe. Alleen in 'n werklik christelike atmosfeer kan daar van 'n skeppende sintese en lewende versoening sprake wees. Wat hy derhalwe met sy Federalisme bedoel, is die herinvoer van die leer van Christus op alle terreine van die lewe, les bes op die van die Opvoedkunde. Federalisme is niks anders, as toegepaste Christendom op die probleme van die maatskappy nie. 'n Christelike kultuurgemeenskap is die bekroning, en nie die ontbinding nie van die egte nasionale lewe. 'n Nasie, sê Foerster, wat haar selfhandhawing tot opperste lewensdoel maak, moet ten onder gaan, eweas die individuele mens wat sy eie selfbeveiliging wil deurdrywe ten koste van alle hoëre waarheid en regverdigheid, en nie insien, of wil insien, dat alle menslike lewe sig enkel kan handhaaf en ontwikkel deur opoffering aan doeleindes wat ver buitekant en bokant kortsigtige selfbehoud lê.

Na/....

Na hierdie korte en uiters beknopte eksposisie van Foerster se kultuurfilosofiese beskouinge is 'n oorgang na sy beskouinge betreffende die sedekunde 'n logiese en natuurlike. Soos duidelik uit sy kultuurfilosofiese beskouinge geblyk het, het alle kultuurvertakkinge van die sosiale en individuele geesteslewe sy agtergrond en stukrag in die sedelike wilskrag van die mens. Grondslag en ideaal van alle egte kultuur is geleë in 'n sedelike kultuur. Hierdie grondgedagte mond dan ook uit in sy Etiek.

Ten aansien van etiese beskouinge staan hy op die standpunt, dat die sedelikheid nie uit nie-sedelike, nog minder uit uitsluitlik sedelike faktore herleibaar is, maar enkel uit meer as sedelike faktore. Hy kom dan ook in botsing met voorstanders van beide eersgenoemde rigtinge, hoofsaaklik eersgenoemde. Ons sal dan ook eers aantoon, wat sy houding teenoor moderne etiese strominge is, want eers uit sy kritiek van moderne, etiese stelsels kan sy positief-opbouwende werk begryp word. Foerster het nie alleen die praktiese etiese beweging deurvors nie, maar het die stelsels van moderne etiese reuse deurworstel soos Kant, Schopenhauer, Nietzsche, Spencer, James, Bergson, en baie ander.

Sy groot kritiek ten aansien van die moderne sedeleer is dat die hoofgebrek van ons etiese denke en besinning ^{op} maar dieselfde is as/kulturele terrein, n.l. 'n gebrek aan gezonde selfkennis en konkrete lewenskunde. "Hierin ligt het karakteristieke van alle moderne hervormers: hun ziel staat nog diep onder den invloed van den geestesadel der traditie; zÿ spiegelen ons geen laag ideaal voor oogen, ja zÿ willen zelfs alles overtreffen wat tot nogtoe in zake ziele-grootheid werd bereikt. Doch hun levensbeschouwing is niet opgebloeid uit gezonde zelfkennis en degelyken werkelykheidszin, maar uit abstracte denkbeelden. Aldus moeten hun levensregelen en hun leerstelsels leiden tot het tegenovergestelde van het-geen zÿ in hun beste oogenblikken gewild hebben." (Karaktervorming/...

ming: p. 561). 'n Ander uitstaande leemte in etiese besinning is die totale gebrek aan 'n duidelike vasstaande en alsydige lewensideaal. Op hierdie terrein het daar 'n volledige 'Umwertung aller Werte' plaasgevind, sodat alles 'zerstreut und zerschlagen danieder liegt.' Die moderne etiek het groteliks die etiese weggeredeneer, die sedelike is gereduseer tot ander behalwe etiese funksies, soos b.v. na die biologiese, nuttige, sosiale e.s.m. Die vrug van 'n oordrewe spesialisasie het die etiek laat verkwyn in 'n aantal eensydige standpunte soos 'n sosiale etiek, seksuele etiek, klasse-etiek, politieke etiek, e.d.m. Veral mik Foerster dit baie sterk teen 'n naturalistiese etiek, wat die sedelike afhanklik stel van biologiese en natuurwetenskaplike faktore. Want vir hom het wetenskap en tegniek nie die etiek gebaar nie, maar omgekeerd. "Thans dreigt de techniek en wetenschap haar eigen geestelyk-zedelyke grondslagen te ondermynen.....Slechts dit land heeft de grootste toekomst dat de geestelyk-zedelyke basis van zyn technischen arbeid het diepst legt. Zonder een degelyke innerlyke kultuur is ook de technische ontwikkeling op het zand gebouwd." (Tegniek en Etiek: pp. 32, 34). Nie minder trek hy in sy destruktiewe betoog ook te velde teen die sosiologie, wat die sedelike wil herlei tot die sosiale, en die etiek tot 'n onderdeel van die sosiologie wil verneder, asof die einddoel van die mens sosiaal en nie geestelik is nie, of om die staat die sedelike ideaal te maak. Op die besieling van die individu rus vir hom die besieling van die gemeenskap, of: op die individuele bloei die sosiale.

Maar dis veral wanneer ons kom by Nietzsche met sy bekende uitlewingsteorie dat Foerster die individualisme van eersgenoemde so heftig beveg. Soos bekend, omhels die leer van Nietzsche die Übermensch-idee, wat in sy wese anti-sosiaal is, want "Gemeinschaft macht gemein." Die idee van selfbeheersing wat die grondgedagte in die hele opvoedingsleer van Foerster uitmaak, staan in lynregte teenspraak met dië van

Nietzsche/.....

Nietzsche, want die bekende leefreël van laasgenoemde lai:
"lebe dich aus, werde wer du bist." Geen bekommernis oor goed
en kwaad is nodig nie. Selfbeteueling, eerbied, medelye,
liefde vir ander, e.d.m. is die siel van die slawemoraal.
Daarom dat die christelike sedeleer waarvan ons Foerster as een
van die grootste lewende eksponente kan beskou, deur Nietzsche
as lewensverkragting bestempel word. Trouens: ons meen dat die
huidige kultuurkrisis groteliks 'n gevolg is van die gevoelige
klap wat die westerse beskawing toegedien is deur veral Nietzsche.
Nietzsche, byname die verkondiging en verheerliking van 'n ver-
foeilike en normlose leer van selfekspresie, - behoudens die
goeie vir die Opvoedkunde, en wat ook Foerster volmondig onder-
skrywe - met sy logiese konsekwensie van Nihilisme en Immoralis-
me en die alleensaligmakende leer van 'nnaakte Naturalisme en
Nudhisme. Indien ons onself dan eenvoudig moet uitleef,
dan moet ons ook eerlik en konsekwent genoeg wees, om afstand te
doen van alles wat eie is aan die mens. Dis daarom, dat Foerster
so weemoedig kan word wanneer hy vra, hoeveel mense nog 'n
briek aan hulle lewenswa het. Geen wonder, dat so baie die
slagoffer word van elke prikkel van hulle omgewing, en die wa-
van hulle hartstog en sinnelikheid toelaat om met hulle op loop
te sit, of om uiteindelik in Monte Carlo te beland. "De
'uitlevingstheorie' is geen teken van gezond leven, maar een
teken van ontaarding, een teken van ontbinding van het leven.
Hoe zwakker een organisme wordt des te vatbaarder het is voor
alle uiterlyke prikkels. De periferie overweldigt het centrum,
in stede van't omgekeerde." (School en Karakter: p.142).
Teenoor hierdie naturalistiese etiek verkondig Foerster die
noodsaaklikheid van selfbeheersing en selfbeteueling, want
sonder laasgenoemde verwilder ons hoogste persoonlikheid.
Nietzsche en die ander naturaliste verkondig enkel die daadener-
gie, maar verontagsaam die remenergie geheel en al. Ons meen
derhalwe, dat Foerster in hierdie verband 'n ontsettende bydrae
gelewer het tot die Opvoedkunde. Algehele uitlewering sonder
die/.....

die minste bekommernis oor die moontlike gevolge daarvan vier taamlike hoogty in party moderne opvoedkundige strominge, 'n sogenaamde "education by natural consequences." Ons dink hier veral aan A.S. Neil, wat wesenlik beskou, niks anders is as die jongste geestesdisipel van Nietzsche, veral via Bernard Shaw. Ten opsigte hiervan kom ons in ons slotbeskouinge nog eens terug, wanneer ons waarderend en krities te staan kom teenoor die werk van Foerster.

Foerster betwyfel, ja ontken selfs die moontlikheid van 'n wetenskaplike etiek. Omdat hy die sedelikheid wil fundeer op meer as sedelike faktore, is dit ook evident, dat hy met 'n etiek wat sig wil fundeer op basis van 'n empiriese analise, - dit mag wees uit nie-sedelike of uitsluitlik sedelike faktore - nie akkoord kan gaan nie. Die vrees bekruipt hom, dat 'n wetenskaplike etiek die godsdiens wil vervang of in diskrediet bring. So sê hy: "De moogelykheid van een zelfstandige wetenschappelyke ethiek, is een illusie. Het is onwetenschappelyk de wetenschappelyke methode als eenig kenmiddel toe te passen op problemen die slechts, ten geringsten deele voor wetenschappelyke onderzoek vatbaar zyn. - Al onze werken over wetenschappelyke ethiek. (Höfdding, Paulsen Wunot enz.) zyn gebouwd op onbewysbare vooronderstellingen, die grootendeels uit het nawerken der christelyke traditie stammen. De illusie van een autonome wetenschappelyke ethiek kan slechts ontstaan by mannen die van den uiterst ingewikkelden inhoud dier problemen geen begrip hebben" (Outoriteit en Vryheid:p 16)

Woorgaande en derglike besware teen soorte van etiek sowel as die onmoontlikheid van 'n wetenskaplike etiek het Foerster genoop om oor te gaan tot 'n christelike standpunt. Die onmisbaarheid en onloënbaarheid van 'n godsdienstige sedeleer is dan ook die basis kragtens welke hy sy pedagogiese denke en opvoedingspraktyk deurworstel het. In elkeen van sy werke loop as goue draad die gedagte dat "echte ethische zielezorg kragtens haar eigen psychologie naar godsdienstige basis verlangt." So kan al sy werke die volgende as motto dra; terug/....

terug tot die lewe is terug tot Christus. Foerster wil op positiewe wyse 'n nuwe basis vind vir die christelike sedeleer, d.w.s. vir die gesag van Christus as voorligter vir die sedelike lewe. Hy wil geensins van die Evangelie of die leer van Christus op teleologies-deduktiewe wyse uitgaan nie, want dit sou beteken heteronomie van die ergste graad, maar veeleer psigologies-induktief of wat hy ook noem psychagogies. Om kort te wees: Foerster sien die sedelikheid in die fundamente veranker, en beskou dit as eiesoortige geestesstruktuur wat berus op 'n algemeenmenslike grondslag, met 'n eie aard, n.l. 'n algemeenmenslike aanleg wat die mens in staat stel tot sedelike keuring van handeling as uiting van sedelike karaktersterkte. In hierdie verband bly hy 'n geestesdisipel van Kant. Die sedelike word veranker in die persoonlike, maar die persoonlike verkry sy uitsprake oor sedelike aangeleenthede van die hooffiguur in die Nuwe Verbond.

Alvorens tot sy taakopgawe oor te gaan, n.l. om hierdie beskouinge betreffende die etiek, van toepassing te maak op die opvoedkunde, moet hy vooraf nog eers afreken met die moderne mentaliteit soos dié vasgewortel lê in die Individualisme. Hierdie individualistiese selfgenoegsaamheid en selfsekerheid is vir Foerster die groot struikelblok tussen die moderne mens en Christus. Daarom is sy sentrale probleem in hierdie verband om die kritiek van hierdie mentaliteit die preliminêre vraag te maak vir alle heropbou van die christelike kultuur en christelike sedeleer.

Op alle gebied van wetenskaplike feitebetragting is dit teenswoordig absoluut essensiël en tegelyk as 'n autonome eis van die wetenskap dat die vorsing kragtens bepaalde metodiese grondbeginsels sal geskied. Die navorsingsmetode sal natuurlik aangelê moet wees op die aard van die terrein wat ondersoek moet word. Dit geld vir alle wetenskaplike feitegebied uitgesonderd dié van die sedelik-religieuse. Hier matig
elkeen/....

elkeen sig die reg aan mee te praat sonder die minste voorafgaande deeglike studie en spesiale opleiding. Die gevolg is dat hierdie terrein van wetenskaplike feiteonderzoek blootgestel is aan elkeen se goeddunke en goedvinde en dit die prooi word van die mees absolute diletanisme en impressionisme. Ons eeu van Positivisme en proefondervindelijke wetenskap behoort in te sien dat die fregmentariese lewensondervinding en die oppervlakkige lewensinsig van die meeste mense, veral in ons veelbewoë tyd totaal ontoereikend is om 'n oplossing te vind vir die groot probleme wat ons lewe beheers.

Om nou tot die kennis van sedelike waarhede te geraak, moet eers uitgemaak word, watter psigologiese voorwaardes onmisbaar is vir sulke kennis. Eweas in ander wetenskappe die metodiese grondbeginsels 'n empiriese analise vereis, is dit uiters noodsaaklik, om die openbaringe en die inherente aard van die sedelike lewe van die mens te deurvors, veral soos die tot uiting kom in sy feitelike sedelike onderskeidings. Maar op sedelik gebied word daar 'n tweede voorwaarde gestel, n.l. om die feitelikheid onpartydig en objektief te kan deurgrond, n.l. innerlike vryheid van die vorser teenoor sy eie drifte, hartstogte, verlangens en begeertes. Dit is ten aansien hiervan juis, dat die groot onderskeid in vooruitgang sig openbaar tussen natuurwetenskap en wiskunde enersyds, en die sedelik-godsdienstige andersyds. Op eties-religieuse terrein geraak die mens in konflik met sy diepste lewensmagte, selfsugtige dryfkragte en diaboliese drifte, wat hulle teen elke prys aan sedelik-godsdienstige ideale probeer ontworstel. Dit is asof ons terugdeins vir die begrippe selfbedwang en kuisheid maar ons geraak in vuur en vlam wanneer ons aan vrye uitleef dink. Die allereerste-vereiste is derhalwe om die stryd teen onself aan te bind en oorlog teen onself te verklaar, teneinde die feite in hulle regte perspektief te sien en objektief te kan oordeel, en om dusdoende die ideaal vas te stel wat vir die mens in alle opsigte die redelikste, skoonste en sedelikste lewe waarborg, teneinde getrou te bly aan die waarheid en/....

en die stem van sy gewete. Selfoorwinning en selfverloëning, selfonthegting en sedelike karaktersterkte geld onvoorwaardelik vir elke benadering van die sedelike waarheid. Bygevolg skitter die grootste waarhede op sedelike terrein enkel op die hoogvlaktes van 'n lewe waar 'n gees van selfverloëning heers. Ons is ongelukkig soos kinders in hulle opbruisende voortvarendheid, bewus van eie skeppingsmag wat die hele wêreld wil verower in belang van eie saak alleen, wanneer ons onself in die lig sien van die groot wysgere van die oudheid, wat beter as ons beseef het, dat die oplossing van alle groot lewensprobleme selfbeheersing verg. Daarom dat hulle aan hulle leerlinge 'n proeftyd van selfonthegting en askese opgelê het, vooral hulle in die groot waarhede in te wy. Die alledaagse ondervinding leer, dat by die grootste gros mense elke elementêre lewensdrang meester word van elke situasie. Dit ontbreek ons totaal aan remkrag en krag tot selfbeheersing.

Die voorwaarde vir innerlike vryheid word nog oneindig lastiger as ons eers by die probleem van selfkennis kom, iets wat absoluut onontbeerlik is om van ons lewe 'n sukses te maak. Verreweg die grootste gros mense ken enkel een aspek van die lewe en dit ook nog maar baie gebrekkig. Dis oneindig selde dat 'n ryke 'n arme verstaan; die deursnee gelukkige kan hom haas nie indink in die leed van die ongelukkige nie, baie min ouers verstaan hulle kinders. Die deursnee kaliber mens bly maar subjektief-egosentries en egoisties; die geniale, die draer van die egte lewensbeskouing is objektief ex-centries. Hierdie ongelukkige heersende situasie meen Foerster is maar weer te wyte aan die gebrek aan werklikheidsin, n.l. wanneer die lewensuiting sig beweeg tussen twee groot antinomieë n.l. Idealisme sonder werklikheidsin en Realisme/ideaal. Anders gesê: mensieliefde sonder mensekennis, en mensekennis sonder mensieliefde. Dis enkel in die lewensfilosofie van Christus dat hierdie tweespalte opgehef kan/.....

kan word. Christus was die grootste realis. Hy het onvergelyklike mensekennis aan die dag gelê, tegelyk was Hy die grootste idealis, want alles wat Hy gedoen het, het Hy in die lig van die Ewigheid laat geskied. Hierdie versoeningsgedagte in die leerstellinge van Christus het sy toppunt bereik in die Kruis. Die volledige opoffering word tans die simbool van die lewe en die Christendom überhaupt, tegelyk die wese van alle egte sedelikheid. Nou meen Foerster, dat teen so'n fundering van die sedelikheid die beswaar geopper kan word, dat die sedelikheid as fenomeen sig vandag nog handhaaf tenspyte van die feit dat dit sig fundêr op bo-sedelike faktore. Maar afgesien hiervan sê Foerster leef die mens tog nog maar van die vrugte van die boom wat hy gevel het. Nietzsche het op hierdie teësprak gewys toe hy gesê het, dat ons wel die godsdienstige dogma kan verwerp maar dat die etiese vasstaan.

Met hierdie kultuurfilosofiese en etiese beskouinge as agtergrond, kan tans tot die sentrale gedagte van ons verhandeling oorgegaan word, n.l. na sy karakterpaedagogiek.

HOOFSTUK II

DIE EINTLIKE KARAKTERPAEDAGOGIEK VAN FOERSTER.

In die voorgaande twee afdelings van hierdie verhandelinkie het ons probeer aantoon, wat die onderliggende gedagtes van Foerster se opvoedingsleer is. Dit het veral geblyk dat hy primêr poog om in sy kultuurfilosofiese beskouinge 'n hegte basis te vind wat as bolwerk kan dien teen die kulturele ontreddering wat ingetree het as gevolg van die kolossale tegniek wat alle aspekte van ons sosiale, kulturele en ekonomiese lewe dreig te oorweldig. Laasgenoemde beskouinge het uitgemond in sy etiek, waarin hy trag om die etiese as onwegdoeselbare grootheid, veranker in die persoonlike maar fundeer op 'n christelike basis, voor ons te laat verrys.

Hierdie twee aspekte van sy wetenskaplike denkarbeid moet logieserwyse uitmond in sy opvoedkunde. Trouens hy self sê: "de adel en de stevigheid der Ethiek werkt uit zichzelf reeds paedagogisch." Dit kan uit die aard van die saak ook nie anders nie, want dis 'n grondbeginsel van die paedagogiese wysbegeerte dat die opvoedingsteorie 'n kind is van die lewensteorie. Ons lewensbegrip bepaal ons opvoedingsbegrip, ons kultuurideaal ons vormingsideaal. Foerster beskou die groot lewensprobleme van die paedagogiek van die standpunt van die wysgeer. Alle kultuurprobleme is in hulle diepste wortel opvoedingsprobleme. Aan die ander kant word probleme van skooltug en karaktervorming nie as geïsoleerde probleme van die paedagogiese tegniek behandel nie, maar in verband met die grondvrae van die menslike lewe. Dis dus van meet aan noodsaaklik om hierdie drie gebiedens by Foerster deurgaans as eenheid te betrag. Hulle kan wel onderskei word, maar 'n skeiding is prinsipiëel onmoontlik.

Net soos in die voorgaande oefen hy allereers kritiek uit op die moderne paedagogiek, want dis telkens uit die negatiewe dat hy die positiewe rekonstrueer. Die moderne
paedagoog/....

paedagoog, sê Foerster, is groots op sy wetenskaplike psigologie, maar dis juis hierin waar sy swakte lê. "Men heeft bij ons nog een overdreven geloof in de bevoegdheid der wetenschap wat betreft de diepere problemen der menschen en Zielekennis. Echte en bruikbare psychologie wordt alleen verworven door medegevoel en Zelfkennis. De wetenschap kan de resultaten die uit deze bronnen komen enkel systematiseren; maar door haar bloote intellectueele methoden kan ze tot die resultaten niet komen. Wie dat niet begriÿpt, bedriegt zichzelf; ofwel heeft zÿn opvatting der psychologie met het levende leven niets te maken." (Schuld und Sühne: p. 162). Die moderne paedagogiek is die troue replika van ons moderne kultuur met sy eensydigheid. Ons fragmentariese kultuur - en lewensopvattinge kon nie anders, as om 'n soortgelyke paedagogiek te baar nie. Ons beleef dan ook teenswoordig 'n sogenaamde paedagogiese impressionisme. Nog nooit is daar soveel oor wetenskaplike paedagogiek gepraat as tans nie, maar nog nooit is ingewikkelde opvoedingsprobleme so eensydig agitatories behandel nie. Alles skyn daarop aangelê te wees om ons paedagogiese tegniek en metodiek te verbeter. Die selfopvoeding van die opvoedende of onderwysende persoonlikheid is verwaarloos: Ons praat van baie van die eeu van die kind, omdat ons baie nuwe metodiek het, maar Foerster meen, dat vorige eeue in paedagogiese krag baie sterker was, omdat die sentrum van die opvoedkundige beleid nie in die sterflike mens gelê het nie, maar in die onsterflike waarheid.

Die grondoorsaak van hierdie paedagogiese gebreke vind Foerster in die Intellektualisme van die vorige eeu wat ook vandag nog in die opvoedkundige wêreld hoogty vier. Die mens word beskou as uitsluitlik denkwese; 'n gebrek aan kennis is die bron van alle menslike en sosiale swakhede. "Die moderne paedagogiek leeft nog in de groote illusie der 18e eeuw: dat volksontwikkeling zonder meer volksverzedelyking beteekent, dat zedelyke vorming een byproduct is der intellectueele voorlichting." (Karaktervorming: p.7).

Saam/...

-32-

Saam met Eucken verwyf Foerster die moderne paedagogiek haar doelloosheid. Dit ontbreek ons aan 'n skerpomlynde doelstelling, waarop ons alles kan aanleë, en as daar nog doelstellinge is, dan is hulle omnewel met vaagheid. Niemand skyn nou eintlik te weet, wat persoonlikheid, individualiteit, selfverwesenliking, karaktersterkte, harmoniese vorming, en derglike meer alles impliseer nie."De moderne opvoeder staat radeloos teenover de vraag: 'Moet ik voor het Christendom zijn of op Nietzsche aansturen; moet ik voor de oorlogsethiek, of voor de vredesethiek, nationaal of internationaal, individualistiesch of staatsburgerlijk opvoeden?' (Opvoeding en Zelfopvoeding: p. 64.) "Nooit zozeer als thans werd de hoofdvraag verwaarloosd: waartoe dient eigenlijk opgevoed?" (School en Karakter: p.21) " 't Gebrek aan een klaar, vast en alzijdig opvoedingsideaal, dat aan alle eischen des levens voldoet, alle zielekrachten in de juiste rangorde stelt en aan al de gevaren ddr menschelijke natuur hun tegengewicht verzekert, wordt hoe langer hoe meer gevoeld." (Ibidem: p.21)

'n Duidelike en skerpomlynde doelstelling in ons opvoedingsbeleid vorm vir Foerster die allesoorheersende en beslissende faktor. " De opvoeder moet zich voor al het andere bezighouden met de laatste doeleinden en oogmerken van zijn werk, - en wel is waar niet slechts met de afzonderlijke waarheden, die hij tot het eigendom van het geweten moet maken, maar met het doel aller doelen; met het doel by uitnemendheid, met den oppersten zin, van waaruit alle afzonderlijke pogingen hun maat en hun rangorde moeten ontvangen. Zonder zulk een allesbeheersende doelbepaling, zonder antwoord op de vraag: "waartoe leeft de mensch dan eigenlijk", zullen de afzonderlijke doeleinden steeds met elkaar in strijd zijn en elkaar wederkerig verlammen en opheffen." (Opvoeding en Zelfopvoeding: pp. 64, -65)

Vir hom geld nou as 'opperste doeleinden' van die opvoeding, "karaktervorming en doelbewustzijn." Die mens moet..

in/

in staat gestel word om werklik meester van homself en die buitewêreld te word. Dit kan alleen die geval wees, wanneer hy karakter besit, "wanneer hy midden in de wereld der verganklykheid en veranderlykheid als iets vasts en onaantastbaars verschynt, een persoonlikheid, die niet door uitwendige indrukken bepaald wordt, maar van een vaste kern van geestelyke oortuigingen uit handelt en hieraan trouw blykt tot in den dood.....Eerst wanneer ik in het reine ben met het leven in zyn geheel en my daartegenover een plaats en een houding heb veroverd, eerst dan erlangen al myne afzonderlyke beslissingen hun diepste zin, hun geconcentreerde energie, hun onaantastbaarheid tegenover de storende faktoren van het leven.....Eerst wanneer ik ten opzichte van de geheele richting van myn leven een beslissing heb genomen, word ik de organisator van myn bestaan en niet de prooi van toevallige invloeden en luimen." (Opvoeding en Zelfopvoeding: pp 66-68). Want: karaktervorming kom in die wese van die saak tog hierop neer, om n.l. 'n mens uit 'n toestand van doelloosheid weg te help, om hom dusdoende 'n helder bewussyn van sy bestemming in te plant en hom daardeur teen die mag van voortdurende wisselende natuurdrifte te beveilig. Trouens: karakter, soos reeds voer aangehaal, is om tyd en ewigheid te verbind. Dis die onsterflike sedelike stukrag in die mens, wat wanneer sy uit haar ewige bronne gevoed is, wetgewend in die lewe sal indring om al die tydelike aan die ewige waarheid te onderwerp. Karakter is aktivisme, "intensief willen."

Maar wat is nou die inhoud en wese van die karakterbegrip wat Foerster as kultuurideaal voorhou? In die eerste plek is dit manlikheid, d.w.s. emansipasie en selfhandhawing ten aansien van eie luste en egoistiese begeertes. Hierdie bevryding van die siel teenoor die buitewêreld vorm die kern van die Indiese filosofie, maar soos Foerster tereg aanmerk, bevat dit enkel een aspek, n.l. die negatiese sy van die waarheid. Die skeiding tussen mens en wêreld word tot sy uiterste konsekwensies/.....

konsekwensies deurgevoer. Die mens word losgeruk van die wêreld, sonder om dan gelouterd of in sigself gekonsentreerd te raak, of om organiserend in die lewe in te gryp.

Die manlike element put die karakter egter geensins uit nie. Dit bevat ook nog 'n vrouelike element wat in 'n ideale karakter één harmoniese geheel met die manlike vorm. Maar so'n harmoniese ewewig van selfhandhawing en oorgawe, krag en liefde, standvastigheid en aanpassing, konsentrasie en ekspansie is heel seldsaam. Gewoonlik vind ons aan die een kant karakters wat hard en koud is, en hulle nie in die regte en gevoelens van ander kan verplaas nie. Hulle energie en standvastigheid gaan in die reël gepaard met hoogmoed en menseveragting. Aan die ander kant tref ons weer mense aan, by wie die sosiale sin, en simpatie met die behoeftes en gevoelens van ander so sterk ontwikkel is dat hulle telkens gevaar loop om hulle beginsels ontrou te word en karakterloos te handel. Die groot kuns bestaan derhalwe daarin om met mense verbonde te wees, en tog onafhanklik van hulle te bly. Hierdie twee elemente moet saamwerk en mekaar aanvul. Die manlike element moet die vrouelike in hom opneem, in belang van sy eie behoud en ontplooiing. Omgekeerd moet die vrouelike met die manlike trou. Wie in die hoogste sin wil liefhê, moet geen wederliefde soek nie. Aan die ander kant weer: "waarde mannelijke kracht niet gepaard gaat met fyngemoetheid en medegevoel, daar laat de man ondanks zijn heftigheid steeds slechts de indruk van 'n kinderachtige en onbeschofte onbeholpenheid: de ware bedachtzaamheid van handelen spruit slechts voort uit de diepte der ridderlikheid.....Wilskracht groeit door tucht. De sterkste tucht echter gaat uit van het geweten. De grootste heldedaden der wereld zijn immers steeds voortgekomen uit de diepten van 'n ontroerd geweten en uit de offergeest der liefde." (Opvoeding en Zelfopvoeding: pp. 93, 94, vergelyk verder: Ibidem pp.76-110).

Sonder wil ontbreek dit die lewe aan eenheid,

doelbewustheid/.....

doelbewustheid, konsentrasie, beginseltrou en skeppende krag. Daartoe is nodig in die eerste plek groot ideale van wegslepende konsentrasiekrag. Die wil is in baie hoër mate as algemeen besef word, 'n funksie van die hele psiche. Baie mense van wie die motoriese apparaat baie sterk funksioneer, bring dit prakties tog nie baie ver in die lewe nie, omdat dit hulle aan grootse ideale ontbreek wat hulle dae inspireer en al hulle kragte konsentreer.

Aangesien dan nou karaktervorming met al sy implikasies en doelbewussyn as opperste doelstellinge in ons opvoedingsbeleid behoort te geld, hoe dien in ons skoolwese tewerk gegaan te word om hierdie ideale te verwesenlik? Soos reeds aangetoon, sien Foerster die sedelikheid in 'n eie fondament veranker, en beskou hy haar as eiesoortige geestesstruktuur wat rus op 'n algemeenmenslike grondslag met 'n eie aard, n.l. 'n algemeenmenslike aanleg wat die mens in staat stel tot sedelike keuring van handeling as uiting van die oerfenomeen. So toon hy aan, dat daar kragte in aksie gebring kan word nie enkel in die seldsaam-ingrypende lewensgebeurtenisse nie, maar in die klein voorvalle en geringe pligte van elke dag, waarin 'n mens hulle baie nodiger het, en meer geneig is om hulle te vergeet as aan te wend. Hy gaan nie uit van denkbeeldige mense en abstrakte sedelike skoonheid nie, maar sy aanknopingspunt lê gedurig in die mens, wat hy werklik is, in die omstandighede waaronder hy daeliks verkeer, en in die werk wat hy daeliks in eie omgewing verrig. Sy hele leer het iets al-mensliks in die algemeensedelike wat daaraan ten grondslag lê, in die fris-opwekkende wat daar van hom uitgaan, in die barmhartig-meevoelende met die swakke en misdeelde, in die beroep op gesonde wilskrag in die stryd om persoonlike behoud. Gedurig word aangetoon, hoe onontbeerlik die daad is vir die vorming van wilskrag en 'n sterk sedelike karakter. Hy maak deurgaans 'n beroep op die sieleadel en geestesherisme wat daeliks in funksie gebring kan word ten aansien van alles wat selfbeheersing/.....

selfbeheersing vereis en karaktersterkte staal. Foerster mik dit besonder skerp teen diegene wat oorwegend deduktief verklaar en dus moraliseer in plaas van op empiries-analitiese wyse, n.l. van die eenvoudigste etiese ervaring uit te gaan. Hy is diep deurdrenk van die onverganklike etiese en paedagogiese betekenis van die christelike godsdiens, maar desondanks dra sy karakterleer allermins 'n heteronome kleur. Die godsdienstige motivering van sy etiek vind haar sterkte juis hierin, n.l. deurdat sy die uiterlike gebod in die persoonlike lewe wil oorbring en derhalwe dit oorwin, wat Paulus die slawery van die wet noem.

Ons outeur is die mening toegedaan, dat dit oneindig moeiliker is om deur die gewone onderwys regstreeks op die karakter van die opvoedeling in te werk, as die gewone bybring van 'n hoeveelheid kennis en handvaardigheid. By die ingewikkelde problematiek van sedekundige onderwys is daar nog 'n oortollige ballas van vermoeiende sedeprekery en tendens en word daar te veel ingewerk op verbygaande ontroering, soos veral in skoolleesboeke aangetref word. As eerste vereiste geld dat die aanknopingspunt van alle leerstof geleë sal wees in die onmiddellike belangstellingsfeer van die kind self, om dan deur selfwerkzaamheid die bepaalde kennis sy eie te maak. Dit geld vir alle aspekte van wetenskaplike opvoedkunde uitgesonderd die moraalpaedagogiek. Hier word nog van die veronderstelling uitgegaan dat die deug, kragtens eie skoonheid vanself aantreklik moet werk, veral wanneer dit deur roerende en pakkende verhale met 'n moraliserende tendens geïllustreer word. In werklikheid egter rebelleer elke normale kind met sy ganse wese teen beskeidenheid en orde, selfverloëning en opoffering. Op hierdie terrein is dit derhalwe absoluut essensiëel dat vrywillige koöptering van die kant van die kind verkry word. Kundighede kan tot sekere hoogte ingepomp word, maar sedelike kultuur nooit nie, want in haar wese veronderstel dit vrywillige selfwerkzaamheid. So dikwels word nog van die veronderstelling uitgegaan/....

gaan , dat die lewende belangstelling van die kind gaande ge-
maak kan word deur vertellings met 'n voorbeeldige strekking.
By so'n veronderstelling word twee heeltemal verskillende sake
deurgaans met mekaar verwar, t.w. die belangstelling van die
kind in die algemene toedrag, en die omstandighede van die
verhaal met die begeerte tot nabootsing van die daarin voorge-
stelde handelinge. Dis juis hierdie laaste wat die moraal-
paedagogiek behoort uit te buit. Deur 'n so aanskouelik-
moontlike skildering van edele daade word die wilskragte van die
kind nog volstrek nie gemobiliseer nie, indien die brug nie
gespan kan word, wat hiervan lei na die individuele lewens- en
gedagtesfeer van die kind nie, d.w.s. wanneer die bepaalde
handelswyse nie baie konkreet in die wêreld van kinderlike
motiewe oorgebring kan word, ^{en} /deur aanknoping aan die alledaagse
as't ware aansluiting kan vind by die natuurlike werksaamheid
en wilsrigting van die kind nie. Algemeen word oor die hoof
gesien, dat die begrippe van volwassenes die vrug van rype
ervaring is en dat gevolglik, waar die ondervinding ontbreek -
soos in die geval van kinders - die begrippe ook in die lug
hang. "Het kernen zonder meer van zedelijke voorschriften
kan geen dieper zedelijke vorming tot stand brengen, omdat de
grondkrachten van't karakter door de abstrakte leerstelling in
de regel niet tot werkzaamheid worden geprikkeld: men moet
niet van het gebod, maar van het kind uitgaan; men moet de
werklike krachten en belangen onderzoeken die in de richting
liggen van de gewenste zedelyke daad of er altans dienstbaar
aan gemaakt kunnen worden - en dan moet men deze krachten 'n
geleidelik toenemend voedsel verschaffen door hun eischen te
stellen die binnen het bereik van hun eigen zich uitleven staan.
.....Men moet het kind niet door morele dedukties tot morele
ervaringen brengen, maar wel omgekeerd: eerst moet het morele
langs de weg van natuurlike krachtontplooiing een gebeurtenis
'n stuk leven worden; dan eerst kan men daarna als met 'n
bekend begrip werken en er meer levensgedachten aan vastknoopen!"
(Karaktervorming: p.32).

Nêrens/....

Nêrens mag die opvoeding sig onttrek aan die wette van die organiese groei nie. Geen kind kan deur morele deduksies tot sedelike ervaring gelei word nie, maar enkel omgekeerd. Eers moet die sedelike langs die weg van natuurlike kragontplooiing 'n stuk lewe word, dan kan daarmee soos met bekende begrippe geopereer word, om dan allangs nuwe lewensgedagtes wat selfs bo die empiriese uitgaan, daartoe by te voeg. In hierdie gees het ook Pestalozzi sy opvoedingswerk verrig. So het laasgenoemde betoog: "Aan elke deugd liet ik doorleefde gevoelens voorafgaan, want ik achtte het uit den booze met kinderen over de een of andere zaak te spreken, waarvan ze niet ook weten, wat zj' er van zeggen. Aan deze gevoelens knoopte ik dan oefeningen in zelfverloochening vast, om daardoor hun rechtstreeksche toepassing en hun waarde voor het gewone leven in het licht te stellen." (Aangehaal: Karaktervorming: pp. 32 - 33).

Hoe kam b.v. selfbeheersing in die lig van die voorgaande onderwys word? "Toch slechts als zodanig dat de opvoeder zich in de eerste plaats vergewist of bij geval onder de natuurlyke neigingen en belangen van het kind enige krachten zyn die voor de oefening in de zelfbeheersching te gebruiken zouden zyn - zoodat de eisch der zelfbeheersching zich niet als 'n onderdrukking en beperking, maar als 'n levensverhoging 'n bewijs van kracht.....voordoet." (Ibidem: pp.34, 35.) Die opvoeder moet hierdeur dan die een krag teen die ander uitspeel.

Hierdie beginsel is veral van toepassing by die oorgang tot die puberteit. Dan ontwaak tegelyk met die suiwer seksuele drifte ook die ideële gevoelens van ridderlikheid en teergevoel, wat dan teen die laer hartstogte mobiel gemaak moet word. Veral die begrip van manlikheid vorm in hierdie jare in die ontwikkeling en gedrag van die knaap 'n magtige faktor. Baie ondeugde soos grootpraat, drink, rook en skel wortel meesal hierin. 'n Sterk gesonde seun sal dit as die grootste/.....

grootste skande beskou om as hy 'n hou op die een wang kry, sy opponent die ander toe te keer, enkel omdat dit vir hom as lafhartig en onmanlik beskou word. Hoe is die vraag van self-heersing op hierdie gebied nou te behandel? De enigste wat ons kan doen is om aan te toon, dat 'n belediging wat met vrindelikheid beantwoord word, die hoogste mate van selfstandigheid en manlikheid aan die dag lê.

Elke deug wat ons wens om aan te kweek, moet deurgaans in die taal van kindermotiewe getransponeer word. Dieselfde beginsel is ook van toepassing in die handhawing van tug en orde. In die skool wat ons nog ter sprake sal bring in verband met die invoer van die demokratiese beginsel van selfregering soos verwesenlik in "The School-City."

Foerster eis bepaalde ure in die werkprogram van die skool vir sedekundige onderwys waarin die onderwyser praktiese lewensvrae met sy leerlinge sal behandel, b.v. 'Wat is 'n man uit een stuk?' Hieroor meen hy sal die kinders 'n lewendige diskussie voer. Om die begrip van manlikheid te verdiep en uit te brei kan die onderwyser konkrete gevalle uit die lewe in die diskussie werp. By 'n ander bespreking kan die onderwyser die vraag opwerp: 'Waarom lieg of steel iemand?' Dit moet in die diskussie duidelik uitkom dat dit op slot van sake alles neerkom op lafhartigheid.

Die gebrek aan 'n induktiewe metode tree veral tevoorskyn by die godsdiensonderwys. So baie van die groot uitstaande gebeurtenisse in die geskiedenis van die christelike godsdiens vind geen aanknopingspunt by die leerlinge nie, en het gevolglik ook geen betekenis nie. Die kiem van alle gebeurtenisse moet in die ondervinding van die kind self gevind word om dan van daaruit 'n brug na die groot dramas te slaan. By wyse van aanknoping aan die Golgotha-tragedie, kan die onderwyser aantoon, dat selfs diegene onder kinders wat hulle afsonder en die gewone ruwe grappe en gemeenhede nie wil meemaak nie, en wat belediginge met vrindelikheid beantwoord, bespot, verguis, gehaat en vervolgd word.

Foerster / . . .

Foerster kla vervolgens daaroor, dat sedekundige onderwys te min in direkte verband met die daelikse konkrete lewe staan. Die jeug leer om belang te stel in mense - en feiteaangeleenthede wat duisende jare van ons verwyder is, terwyl die nabyliggende geignoreer word. 'n Student sit b.v. in sy kamer, verdiep in sy studie oor diere. Die bediende tree binne en moet haar die grootste onbeskoftheid laat welgeval. Was dit een van die diere uit die oertyd, dan sou hy haar hele geskiedenis geken het en presies geweet het hoe om haar te behandel. Maar omdat dit nou 'n mens is wat nie toevallig vir eksamens voorgeskrywe is nie, of wat buite die bestek van sy lektuur val, dra haar lot en lewe vir hom ook geen interesse nie.

Om die belangstelling te wek en die oog vir die alledaagse te open, maak hy van dinge soos die volgende die onderwerp van spesiale diskussie. "Waarom is die posisie en die werk van die bediende so besonder moeilik?" En verder: "Wat kan ons doen om hulle lot te veraangenaam en te vergemaklik?" Foerster verseker dat die kinders die lewendigste belangstelling in sulke praktiese besprekinge toon. As 'n leerling af en toe 'n besem in die hand neem om ander te help, i.p.v. steeds deur ander bedien te word sal hy meer leer wat waaragtige beskawing werklik beteken as wanneer hy honderd bande daaroor gelees het. Die mens moet eers ondervind en dit leer hy slegs deur selfwerkzaamheid.

Om sosiale kultuur aan te kweek en die regte gesindheid en houding veral teenoor die arbeidende klasse te ontwikkel, vind Foerster dit van ontsettende waarde om uit te gaan van die gewone gebruiksvoorwerpe en die eenvoudigste voedingsmiddels, om dan van hieruit aan te toon "hoeveel armzalig betaalde moeite kleeft aan alles wat wj gebruik en hoeveel tranen en vloeken uit alle werelddelen saamgeweven zjn met alles, wat wj aan het lyf dragen. Hoeveel mense b.v. op het geheele wereldrond werken moeten, opdat wj 's morgens ons ontbyt op tafel krygen, van den arbeider op da koffie - of/....

of theeplantage tot den bakkersjongen toe, hoe de mÿnwerken werkt en leeft, die ons warmte en licht uit de diepten der aarde bezorgt en dikwÿls niet genoeg verdient om op winteravonden zÿn schamel vertrek te verwarmen en een lamp te branden". (Karaktervorming: p.53).

Die voorgaande bevestig genoegsaam die algemene prosedure wat hy in sy karakterleer voorstaan. Uitgaande van daelike lewensfeite en probleemaangeleenthede wil hy sy opvoedlinge aan die hand van werklik-beleefde situasies tot die erkenning en eerbiediging van sedelike en religieuse waardes lei. In plaas van op deduktiewe wyse vanuit sy strenge outoriteitsbegrip uit te gaan, daer naamlik sy sedelike en religieuse waardes vanuit 'n hoogste merklik-gewaarborgde gesag af te lei, bewandel hy die teenoorgestelde weg deur heeltemal induktief te werk te gaan, en wel op so 'n wyse, dat deur aan te knoop by wat in die kind aanwesig is, hy kan oplei tot sy strenge outoriteitsbegrip. Oor hierdie laaste begrip moet nou eers een en ander gekonstateer word.

In sy algemene lewens- en wêreldbeskouing sien Foerster, soos ons reeds aangetoon het, twee met mekaar strydige wêrelde. Aan die een kant is daar die wêreld van die sinnelike, die oorheersing van tegniek en materie, wat die mens gevange hou en die mensheid bring tot 'n toestand van onderworpenheid en daardeur tot die grootste sedelike verwildering en willekeur. Aan die ander kant is daar die wêreld van die gees, die geestelik-sedelike ideaal soos verpersoonlik in Christus en gehandhaaf deur die gesag van die kerk. Hierdie twee staan feitelik los van mekaar. Taak van die opvoeding is nou om hierdie twee wêrelde met mekaar te versoen, deur naamlik die een te verhef sonder om die ander omlaag te haal.

Indien die mens oor sy diepste lewensprobleme werklik vry, dit is, vry van steurende invloede, wil nadink, dan moet hy hom uit eie beperktheid losmaak, want wie werklik weet wat vryheid is, sal nie anders begeer nie, as om gebonde

te/....

te wees, daar waar ongebondenheid hom en ander in gevaar sou bring. Daarom het ons tyd meer as ooit tevore behoefte aan 'n outoriteitspaedagogiek, wat die intiemste teenstand van die individuele siel kan oorwin deur in die taal van vryheid en van persoonlike lewe gehoorsaamheid van ons verg. So kom ons voor die volgende dilemma te staan: ons moet iets as outoriteit erken wat buitekant die horison van ons kenvermoë lê, of ons moet gevange bly binne die beperkte gebied van ons eie bestaan. Foerster kies onvoorwaardelik die eerste. Nes die digter ons opwek uit ons onbewustheid en ons na hom laat luister, so moet ons teenoor die outoriteit te staan kom. Om te leer luister en swyg en eerbied te hê, daarmee begin alles. In hierdie swye en luister na die outoriteit ervaar ons haar heilsame invloed as versoening tussen outoriteit en vryheid. Dit is, soos Augustinus dit uitdruk: "gý waart in mý, maar ik was buiten mý." Hierdie outoriteit lê vir hom in die Christendom, soos verpersoonlik in die vleesgeworde Logos, Wie dan ook feitelik die enigste outoriteit is. Die doel wat hy dan ook met sy paedagogiek beoog, is om die Christendom weer in ere te herstel in 'n mensheid wat deur haar eie onnoemlike skade daarvan vervreemd is.

As eerste en feitelik as enigste eis teen die heersende karakterloosheid van ons tyd stel hy voor op: karaktervorming, vorming van die persoonlikheid. Onder vorming van die persoonlikheid verstaan hy vorming van die hele persoonlikheid, en nie enkel van een funksie alleen nie, soos b.v. die wil, ewe as hy met karakter nie iets enkelvoudigs bedoel nie, maar 'n veelheid van voorhande-synde faktore wat deur opvoeding tot harmoniese ontwikkeling gebring moet word, d.w.s. tot 'n toestand van vrede, waarin al wat sinnelik in ons is aan die gees onderwerp kan word. Dis die ware harmonie waartoe karaktervorming die mens moet lei.

Opvoeding beteken gevolglik dat die psigologies-gegewene so beïnvloed sal word, dat die gees heerskappy kan

voer/.....

voer oor materie, Hiervoor word op drie dinge besondere klem gelê. In die eerste plek moet die opvoeder homself opvoed, vervolgens moet hy doelbewussyn hê en derdens moet hy realis wees.

Waar opvoeding niks anders is as om leiding aan die psigologiese ontwikkelingsproses te gee, en wat wesenlik beskou, die gevolg van wisselwerking is van die gerypte of die nog rypende, daar is dit absoluut noodsaaklik, dat die opvoeding in die eerste instansie betrekking sal hê op die persoon van die opvoeder self, en dat hy derhalwe moet begin om homself op te voed. Dis enkel wanneer die persoon sig met alle krag toelê op die opvoeding van sy eie persoonlikheid, dat hy bewaar kan bly teen alle skoolmeestery.

In die tweede plek is doelbewussyn absoluut nodig. Hy moet weet wat hy wil, en waartoe dat hy dit wil. Dis enkel in die lig van 'n skerpomlynde doelstelling, dat hy leer onderskei, en ook om by kinders die sedelike aangeleenthede in die juiste lig te sien. Die opvoeder moet ook realis wees. Ewe as die mediese praktisyn 'n goeie diagnose aan elke behandeling vooraf laat gaan, so moet elke opvoeder tot die wortels van die kanker van karakterloosheid ingrawe, nie om by uitwendige simptome te bly staan nie, maar om deur te dring tot die grondmotiewe van die verkeerde handeling.

Na toeligting van hierdie drie voorwaardes gaan Foerster dan verder om aan te toon hoe hy hom die opvoedingsproses voorstel. Elkeen dien sig besonder sorgvuldig rekenskap te gee van die derde voorwaarde, wanneer naamlik die opvoeder rekening moet hou met die goeie sowel as die kwaaië, waarby hy gedurig skeiding maak, d.w.s. om uit die volheid van die gegewene by 'n karakter die positiewe uit te speel. "Erziehung bedeutet Auslese." Dis eers na 'n onderskeiding van positiewe en negatiewe eienskappe, dat hy die volgende stap ooreenkomstig die woord van Kant kan doen, "dass man niemand besser machen kann als mit dem Rest des Guten/....

Guten der in ihm ist."

Hierdie gedagte het Foerster ontleen aan die patologiese terapie. Trouens: op hierdie terrein word reeds lank ingesien, dat 'n ontaarde wil nie gebuig kan word onder sterk uiterlike tug nie, maar enkel deur 'n beroep te maak op die nog aanwesige korreltjie goed, en dan dié te ontwikkel. Op hierdie wyse stel Foerster dan ook teenoor alle "Depressions-pädagogik" sy "Ermütigungspädagogik", d.w.s. "aanknopen by het aanwezig positiewe, in plaats van den nadruk te leggen op hetgeen niet voorhanden is." (Opvoeding en Zelfopvoeding: p.25). 'n Leuenagtige kind dien b.v. geen leuenaar genoem te word nie, maar moet dit by hom tuisgebring word dat die leuen alleen 'n afwyking is van sy eie wese. Hierdie aanmoedigingspaedagogiek isgeensinsident met wat ondersoekers soos Payot en Levy onder karakteropvoeding verstaan, en wat in hoofsaak die uitsluitlike opvoeding van die wil alleen is.

Hierdie aanmoediging rig sig in die eerste plek nie op die wil as sulks nie, maar op die mobil-maak van hoëre sielskragte. Hierdie wilspaedagoë sien volgens Foerster oor die hoof dat die wil enkel funksie van die hele psyché in haar geheel is, en dat die wil dan alleen versterk kan word, wanneer die psigiese lewe in sy omvattende totaliteit deur opvoeding kragtiger word.

In sy aanmoedigingspaedagogiek is dit Foerster primêr te doen om die beïnvloeding van die latente kragte van die hel psyché. Hy is diep deurtrokke en onwrikbaar oortuig van die onvernietigbare geesteskrigte wat elke mens eie is. Trouens: die alombekende gesegde van Tertullianus word deur hom heelhartig onderskrywe: Hy self formuleer hierdie gedagte volgendervoeg: "Diep in den mensch verborgen leeft het verlangen naar heerschappij van zijn geestelijke krachten over lichaam en zinnen." (Opvoeding en Zelfopvoeding: p.123 e.v.) Dit gaan enkel om die regte snaar aan te roer, waardeur die "anima naturaliter christiana" uit haar sluimer gewek kan word.

Dit/....

Dit wil Foerster in die eerste plek doen deur wat hy inspirasie van die wil noem en tweedens deur positiewe en negatiewe oefening. Wilsinspirasie is by hom iets anders as wilsgimnastiek soos by Levy en Payot.

Foerster maak verder onderskeid tussen 'n periferele en sentrale wil. Laasgenoemde korrespondeer met die goeie in die mens, die "anima naturaliter christiana" terwyl die periferele wil met die laere natuur korrespondeer en deur die sinnelike wêreld beheers word. Wilsinspirasie moet daar nou juis op gerig wees, om die sentrale oor die periferele te laat seëvier. Die inspirasie kan alleen uitgaan van ideale soos verpersoonlik in Christus, Wie in staat is, om die edelste in ons te wek. Dis hier waar die Christendom met sy inspirerende invloed sy sterk ankers kan inslaan. Die allerinnerlikste in die mens word geraak en gewen en dis dan wanneer gehoorsaamheid uit eie beweging geskied.

Foerster wil dus ondanks sy strenge outoriteitsbegrippe in die praktyk van die opvoeding sy etiese motiewe nie langs deduktiewe weg van die hoogste gesag afleien, maar die weg van die induksie volhou. Aanknoppend by die "anima immortalis" wil hy langs die weg van oefening en ontwikkeling bereik wat hy in sy lewensbeskouing as absolute ideaal, as normgewende outoriteit sien.

Naas inspirasie waardeur die siel uit haar stagnasie gewek word, kom as tweede element die kwessie van oefening, wat positief sowel as negatief kan wees. Positiewe oefening noem hy daadenergie, die negatiewe remenergie. Eersgenoemde is daarop gemunt om alle aanwesige kragte en talente in die lewe te bevorder, om dusdoende alle "wete" om te sit in "doen."

Die belangrikste vorm van positiewe wils-oefening lê in 'n goedgeorganiseerde arbeidsopvoeding. Juis omdat die arbeid die mees alledaagse is, is die invloed daarvan ook so verreikend. En soos juis opgemerk is, moet die

karakter/.....

karakter in die mees alledaagse dinge geoefen word. Dis wel nie in die vermoë van elkeen om iets buitengewoons te doen nie, maar elkeen kan die gewone op 'n buitengewone wyse volbring. Deur arbeid kan potensibele energie in kinetiese energie omgesit word. Om nou hierdie latente sielskragte te mobiliseer, maak hy gebruik van 'n simboliserende metode waardeur die mees alledaagse en gewone 'n ewighêidsinslag kry, waardeur sulke dade sigbare simbole word van ewige onsigbare dinge.

Die tweede vorm van oefening in karakter - en wilsvorming is negatiewe oefening of askese wat volgens Foerster die A. en die O. van die geestelike lewe is, in soverre dit die voorwaardes skep vir die heerskappy van die gees, waarby van 'n defensief tot offensief oorgegaan word, waardeur die "dieper zelf" in plaas van die "zinnelyk zelf" die teuels in hande neem. Dis geen wêreldvlug soos dié van Buddha of die apatie van die Stoa nie, maar askese soos die middeleeuse heiliges dit beoefen het. (Vlg. b.v. die heilige Elizabeth en Ruysbroeck.)

Dit is in belang van negatiewe wilsoefening van die allergrootste noodsaaklikheid, dat die leerlinge hulle nie alleen daaraan gewen om alles wat hulle doen, of beloop het om te doen, noukeurig uit te voer nie, maar netso seer om te ontbeer. Foerster verwys na die uitstekende raad van die filosoof-paedagoog James, om daeliks iets teen jou sin te doen, en voeg hierby die wenk, om elke dag van iets af te sien waarop jy baie gesteld is. Hy bring in herinnering dat in die ou tyd elke groot denker 'n periode van askese moes deurmaak. (Vlg. Opv. en Zelfopvoeding: p. 134.)

Omdat die tong en die maag so'n hoofrol in die lewe speel, behoort die askese veral sy toepassing in vaste en swye te vind. Meesterskap op hierdie twee gebiedens is 'n taamlieke waarborg vir al die ander. "Het binnenleiden tot de eer der zelfbeheersching is onontbeerlyk, om reeds jongen menschen de geestelyke bestemming van den mensch dierbaar te doen/.....

doen worden, die iets geheel anders is dan de sociale bestemming, die zelf eerst van gene haar diepste sanctie erlangt. Vele Indianenstammen zenden hun jonge lieden aan het einde der puberteitsjaren en voor het feest der manbaarheid voor den duur van veertien dagen naar wildryke streken, geven hun pyl en boog mee en verwachten van hen, dat zy, ondanks de grootste verzoeking, geen wild aanroeren, maar zich tot hun terugkomst in het vasten oefenen." (Opvoeding en Zelfopvoeding: p.136). Veral op skooluitstappies is daar oorvloedig geleentheid om die kinders tot sulke oefeninge aan te spoor. Foerster beweer dat die stryd teen die alkohol met die stryd teen water moet begin, b.v. Seuns, wie van julle kan nog 'n halfuurtjie sonder water bly? Elke offensief is tegelyk die beste defensief. 'n Gorwinning op een gebied kom alle ander ten goede.

Foerster verdeel dus sy wilsopvoeding in drie onderdele: inspirasie, positiewe en negatiewe oefening. By al drie gaan hy van die veronderstelling uit, dat daar in die geestesstruktuur van die opvoedeling iets is, wat graag te dien effekte koöpereer en gehoorsaam. Sodoende word 'n versoening teweeg gebring tussen sy outoriteitspaedagogiek en induktiewe metode in wat hy noem vrywillige gehoorsaamheid.

Foerster is betreklik heftig gekant teen die ekstrimistiese vryheidspaedagoë wat uitwendige tug heeltemal wil illimineer, asof opvoeding tot gehoorsaamheid karakterbe-derwend werk. Hy handhaaf die disipline as onontbeerlike middel vir die vorming van die wil. Selfs straf is 'n faktor van groot paedagogiese betekenis. 'n Opvoeding sonder straf noem hy 'n "entnervte und entnervende Erziehung" (Schuld & Sühne: p.26). Straf behoort geen wraakneming te wees nie, maar uitdrukking van die menslike gewete, sodat dit beantwoord aan die natuurlike behoefte van die mens om boete en versoening te doen. Strengte tug moet deurgaans gepaard gaan met eerbied vir die persoonlikheid wat moet gehoorsaam. Tussen gehoor-
saamheid/...

saamheid en bevel bestaan daar dus ewemin kontradiksie as tussen outoriteit en die induktiewe metode. Die vraagstuk van disipline vind sy oplossing nog in slaafse onderworpenheid nog in individualistiese vryheid, maar wel in 'n sintese van beide, n.l. vrywillige gehoorsaamheid.

Op hierdie wyse kom hy dan tot sy sisteem van selfregering en tot die invoering van die skoolstaat. Vir hom, soos trouens ook vir Plato en Fichte, geld die staat slegs as middel tot verwesenliking van 'n hoër lewe, en geensins as einddoel nie. Want die bestemming van die mens is geestelik en nie sosiaal nie. In sy verhouding tot die sosiale milieu word die hele mens nie uitgeput nie. Enkel in die mate waarin die staat en maatskappy die draer en verteenwoordiger van 'n hoër geestelike wêreldorde is, wat individu sowel as staat omspan, kan hy op die gehoorsaamheid en lojaliteit van sy burgers aanspraak maak. Hy waarsku dan ook direk teen die verkragting van alle gewetens- en sielsvryheid van die kant van die staat en maatskappy. Dis ook die kerngedagte van die staatspaedagogiek van Plato, dat hy die organisasie van die staat baseer op die organisasie van die siel. Die staat kan dus slegs daardeur gegrondves word, dat hy deur middel van die opvoeding 'n organisatoriese beginsel inplant in die gemoed van die leerling. Wanneer n.l. die individuele siel sodanig georganiseer is dat die juiste rangordening van die verskillende doeleindes gehandhaaf word, d.w.s. wanneer die geestelike funksies oor die materiële heers, dan sal hierdie goeie ordening ook van binne na buite deurwerk en die staatslewe deurdring. Politiekopvoedend in hierdie sin is dus elke onderrig wat die jongmens leer om bysake aan hoofsaak ~~ondersaaklik~~ te maak. Maar behalwe sulke indirekte staatsburgerlike opvoeding pleit Foerster besonder sterk vir die invoering van die "School - City - stelsel," 'n skepping van die Amerikaner Gill, as hoofgeneesmiddel teen die politieke apatie en korrupsie van die Amerikaanse demokrasie. Die teenswoordige
absolutistiese/..

absolutistiese tugstelsel in die skool is die grondoorsaak van die gebrek aan belangstelling en verantwoordelike gevoel ten opsigte van die publieke lewe. Die magtigste opvoedingsfaktor is nie afgetrokke prakke oor verantwoordelikheid nie, maar oefening in werklike verantwoordelikheid. Dis nie alleen nodig om die leerling bekend te maak met die staatsinrigtinge nie, maar veral om hom in te lei in die praktyk van die regte en pligte van die staatsburger, deur die skool in 'n republiek, 'n staat in die klein te herskep. Die leerling sal slegs dan die noodsaaklikheid van sekere reëls en wette insien en hom daaraan vrywillig onderwerp, as hy dié self opgestel het. As hy geleer het om homself te beveel en te regeer, dan het hy een van die kosbaarste lesse vir sy later lewe geleer. Die gehoorsaamheid wat deur dwang van buite verkry word, is slegs uiterlik en tydelik en gee aanleiding tot 'n onderstroom van geheime verset teen die gesag van die onderwyser. Deur die toepassing van die demokratiese beginsel van selfregering in die skool word die kragte wat vroeër negatief gewerk en hul in allerlei katekwaad of agitatie teen die gesag en disipline van die onderwyser geuit het, veral in die geval van gebore leiers, nou in positiewe bane gelei.

Volgens hierdie "School-City" stelsel, kom die leerlinge bymekaar, trek 'n konstitusie op, maak hulle eie wette, alles onder toesig van die onderwysers. en kies hulle verteenwoordigers as regters, gesondheidsamptenare, inspektors, ens. om oor die uitvoering van sommige wette te waak. Alles wat betrekking het op tug en orde, word aan hulleself oorgelaat.

Foerster is prinsipiël teen die gebruik van die plak, omdat dit afbreuk doen aan een van die magtigste opvoedingsfaktore, n.l. die selfrespek van die leerling. Ook trek hy geweldig te velde teen die barbaarse gewoonte van sommige onderwysers om hul leerlinge op allerlei beledigende

komplimente/...

komplimente te trakteer. Tug egter moet onder alle omstandig-
hede gehandhaaf word, maar dit eis die grootste selfbeheersing,
beskawing, fyngevoel en tak van die kant van die onderwyser om
strengheid met liefde en disipline met vryheid te paar.
Nêrens mag dit as dwang van buite ondervind word nie, maar
steeds uitloop op selfdisipline en selfbeheersing.

HOOFSTUK III

SAMEVATTING: WAARDEREND EN KRITIES.

In die voorgaande drie afdelinkies van hierdie studie is op baie kursoriese wyse 'n poging aangewend om die belangrikste gesigspunte uit die wetenskaplike denkarbeid van Foerster, ten aansien van sy karakterpaedagogiek, saam te trek.

As ons hierdie neerslag nou verder analiseer, dan is ons beskeielik die mening toegadaan, dat ons hom onder die geleedere van wetenskaplike vorsers in die kategorie van die "upper ten" moet plaas. Ons het ons na hierdie tema aangetrokke gevoel, omdat ons die onwrikbare oortuiging huldig, dat hy, miskien meer as iemand anders onder sy tydgenote, 'n beslisse boodskap aan die huidige mensheid het. Hy is geen denker wat 'n nuwe wysgerige sisteem langs die enge lyne van wetenskaplike prosedure ontwikkel het nie, maar veeleer poseer hy as lewensprofeet, wat eerlik en ernstig oor lewensprobleme nagedink het, en sy hele lewe en leer gestel het in diens van die ons terflike waarheid en die stem van sy gewete. Om hierdie rede alleen al verdien hy ons hoogste agting.

Die uitgawe van sy "Karaktervorming" was 'n ware triomf gewees, wat hom meteen internasionale vermaardheid verwerf het. Dit geld nie minder ook van sy "Opvoeding en Zelfopvoeding," "Godsdienst en Karaktervorming," "Tegniek en Etiek," "Skool en Karakter," so byna van elkeen van die produkte van sy vaardige pen.

Hy is 'n man van ons tyd, wat die worstelinge van ons dae nie op veilige afstand aanskou nie, maar binne in die braming staan. Trouens: van homself getuig hy in die volgende woorde: "Der am Freidenkertum zerbrochene, mit Steinen ernährte, nach dem Brot des Lebens hungernde Mensch - der ist der wirklich moderne Mensch. Auch ich bin solch ein moderner Mensch." (Outoriteit en Vryheid: p.202). Vandaar dat 'n mens, wanneer

hv/.....

hy oor die node van ons tyd handel, voel dat ons te doen het met iemand wat met sy tyd meeleeft en meely. Hy is geen laudator temporis acti nie, maar intendeel iemand wat 'n ope oog het vir die waarde van ons kultuur. Daarom het hy ook die reg om sy vinger op die tydskanker te lê. Sy waarskuwende woorde bevat iets profeties: nie uit gebrek aan kennis nie, maar uit gebrek aan karakter gaan ons tyd ten gronde.

Die hele strewe van Foerster is 'n worsteling om die bestaande ewige sedelike en religieuse vorme ^{geldigheid} meer tot/te bring in die maatskaplike sowel as persoonlike lewe, en teenoor die drang van ons sinnelike uitlewingsbestaan die outoriteit van die gees en die noodsaaklikheid van die religieuse lewe te beklemtoon. Die simpatieke van sy strewe is hierin geleë, dat hy met 'n ope oog vir die reg om persoonlike vryheid die on-aantasbare outoriteit van religieuse en sedelike vorme wil handhaaf.

Sy eienaardige wyse van doen, om naamlik die sedelike lewe nie voor te stel as gehoorsaamheid aan koue strakke eise nie, maar as iets aantrekliks, hyna iets sportiefs, werk veral op puberterendes besonder besielend in, sleep hulle mee, en prikkel hulle tot selfaksie en navolging van voorgehoue ideale.

Foerster verteenwoordig wat ons kan noem die heroïesme in die opvoeding.² Ons het op die voorgaande bladsytjies herhaaldelik gepoog om hierdie gedagte as goue draad te laat deurloop. Soos ons dit deurgaans probeer aantoon het: Foerster verlê die stryd van die periferie na die sentrum, van buitewêreld na binnewêreld, van natuurbeheersing na self-beheersing, van kennis na karakter. Hy beoog dan ook allermins 'n kortsigtige oppervlakkige materialistiese of pragmatistiese opvoedingspolitiek, 'n sogenaamde "the man on the job," maar na ontplooiing van die mens as mens.

Foerster moet nie beskou word as onderlegde wetenskaplike wysgeer nie. Indien daar miskien meer filosofie aan sy paedagogiek ten grondslag gelê het, sou daar meer sisteem in

sy/.....

sy betoogtraat gewees het. 'n Eintlike sisteem ontbreek deur-
gaans, wat dan ook wellig die rede is, waarom dat hy van so
baie verskillende kante aangeval is. Daar loop soveel verskil-
lende lyne deur sy paedagogiek, dat dit soms baie moeilik gaan,
om die essensiële van die toevallige te onderskei. Veral word
'n mens soms enigszins teleurgesteld as hy telkens, nadat hy 'n
bepaalde gedagtegang aangevoer het, dit weer onderbreek vir
iets anders. Hy bly in die opsig die onverbeterlike preek-
paedagoog wat telkens en nogeens dieselfde waarheid nog 'n keer
moet herhaal. Hy is 'n baie gemaklike skrywer wat dinge pak-
kend en duidelik formuleer, die man met 'n ope oog en gevoelige
hart vir die node van ons tyd, die warme religieuse natuur, wat
deur sy aanraking en kennismaking met die Christendom die
ewigdurende en onmisbare waarde van laasgencemde vir die op-
voeding op nuut benadruk het. In die Christendom het hy die
grondslag en middel gevind vir al sy paedagogiese ideale.

In hierdie verband kan ons miskien aanhaal wat
J.H. Gunning oor hom skrywe, "Men kan tegen Foerster zoveel
bezwaren inbrengen als men wil, hý is en blyft een figuur,
een 'representative man' van eerbiedwaardige afmetingen, die
in menig opzicht het woord van zýn tyd spreekt en, wat niet
weinig zegt in zoo'n cacophonische samenleving als de onze,
dien tyd dwingt te luisteren, ofschoon, of misschien wel omdat,
wat hý verkondigt gewoonlyk ostentatief ingaat tegen wat men
'den geest des tyds' pleegt te noemen, of daarvoor uitgeeft.

Het wil ons voorkomen, dat wý Foerster het best en
het rechtvaardigst kunnen karakteriseeren als een getuige -
ik zou wel haast durven zeggen: als een bloedgetuige, in den
zin, dien de oude Christenheid daaraan hechte. Deze man is
vast overtuigd, dat hý een boodschap aan de wereld te brengen
heeft en dat hý zýn eenvoudigen plicht doet, in gehoorzaamheid
aan zýn Meester en aan zýn eigen innerlykst wezen, wanneer hý
niet moede wordt zýn getuigenis in alle toonaarden onverdroten
en onverzwakt te herhalen. Welk getuigenis? Dit: wat de mo-
derne wereld het eervt en het meest nodig heeft is religieuse

hernieuwing/...

hernieuwing door welbewuste aanvaarding van het oude Christendom. In de overgeleverde dogmata der Kerk schuilt meer psychologische waarheid dan in alle moderne verwateringen en in de geheele moderne psychologie.....Niets menschelyks is het Christendom vreemd, het Christendom is zelf de ware en de eenige menschelykheid; daarom is ook een christelyke paedagogiek, die aan alle transcendente factoren recht doet wedervaren, de eenige, die aan de werklyke behoeften der jeugd, ook en inzonderheid der tegenwoordige, beantwoordt. Foerster wil ons dus niet naar de Middeleeuwen of nog verder terugvoeren; hy maakt er aanspraak op een volledig modern mensch te zyn, midden in zyn tyd staande, trachtende hem te begrypen en te dienen; maar juist daarom komt hy met alle kracht die in hem is, op voor de onvergankelyke waarheden en onmisbare levenskrachten, waarvan de christelyke traditie de schatbewaarder is." (Woord vooraf: Godsdienst en Karaktervorming: pp. 7 - 9).

By die blootlegging van sy paedagogiese ideale het ons probeer aantoon, dat daar by hom twee duidelik-onderskeibare lyne in skynbaar teenoorgestelde rigtinge loop, maar waartussen hy 'n sintese teweeg bring, n.l. outoriteit en ervaring. Teenoor die Individualisme en Subjektivisme van ons tyd en veral teen die losbandigheid en verwildering op sedelike gebied, stel Foerster die absolute gesag van die Christelike norme en die primaatskap van die christelike liefde, soos vervat in die tradisies en leerstellinge van die Christendom. Hieraan ken hy absolute gesag toe, nie alleen in godsdienstige en sedelike nie, maar ook in wetenskaplike en sosiale aangeleenthede.

In sy paedagogiek laat hy die outoriteitsgedagte heeltemal los, en gaan hy suiwer psigologies, of soos hy dit noem, induktief te werk. Aanknopende by wat daar in die mens aan positiewe sedelike inhoud voorhande is, trag hy om langs die weg van induksie op te klim tot wat hy as normgewende element, en opvoedkundige doelstelling vasgestel het. By sy induktiewe metode word die outoriteitsstem so weinig verneem, dat ons sy hele/....

hele metode kan beoordeel, sonder om aan die outoriteitsbegrip te dink. Dit mag egter vir geen oomblik uit die oog verloor word nie, dat by die aanmoedigende drang, soos vasgelê in die induksie, by hom nog altyd die vuig van die gesag gehandhaaf word.

Waar sy induktiewe metode aanknoop by die mens en wat in die mens aanwesig is ontstaan die direkte vraag: Hoe sien Foerster die mens? Ons het reeds in ons inleidende beskouinge daarop gewys dat Foerster as die moderne Plato beskou kan word. Uit tal van uitsprake in sy ouere sowel as nuwere werke blyk dan ook, dat sy hele psigologie opgebou is op die Platoniese dualisme, n.l. die teëstelling van die wêreld van ideë en die wêreld van verskynsele. By so 'n psigologie is die siel 'n vreemdeling in hierdie bese wêreld, wat in die liggaam soos 'n 'n kerker gekluister is. Die siel snak na verlossing, om n.l. weer omhoog te styg na die ryk waar Waarheid, Goedheid en Skoonheid die alfa en die omega is. Taak van die opvoeding is om aan te knoop by hierdie verlange en om alle sinnelike met haar verderflike invloed op die siel teë te gaan. Volgens Foerster is ons aan die wêreld van uiterlikhede verknog en veral in ons dae met hart en siel aan die materialisme verketting. Maar in ons diepste wese leef daar nog die "anima naturaliter christiana" wat na bevryding smag en wat enkel wag op aanraking met die hoëre wêreld waaruit sy self stam en wat haar uit die kerker van die aardse lewe moet verlos. Karaktervorming moet aan hierdie toestand 'n einde maak, deur ons te bring tot die heerskappy van die gees, dit is: bevryding uit die tirannie van die liggaam met sy sinnelike drifte en affekte.

Telkens skemer dit by Foerster deur, dat hy hom die wêreld van die gees nie anders kan dink nie as synde in 'n gedurige worsteling met die sinuiglike wêreld, waarvan die sedelike lewe dan die resultante is. Op hierdie dualisme van gees en stof is dan ook sy blik op die mens gebasseer. Hierdie gedagte/.....

gedagte vind ons terug in sy sondebegrip, sy beskouing oor die bekering sowel as oor die askese.

Waar sy psigologie terug gaan op hierdie dualisme, is dit vanselfsprekend, dat ook sy opvoedkundige beskouinge hiervan deurtrokke sal wees. Maar hierdie dualisme bring dan ook mee, dat tenslotte die bron van alle kwaad in die stoflike wêreld gesoek moet word.

Dit kom ons baie bevreemdend voor want in sy logiese konsekwensies sal dit eenvoudig beteken dat ons ons oë vir die eise van die nugtere werklikheid sal moet sluit, en eenvoudig 'n lewe van afsondering en vereensaming sal moet ly, m.a.w. dat ons ewe as in die geval van die Middeleeue weereens sal moet leer om te sterwe in plaas van te lewe. Daarom kan ons vir die paedagogiek nie al te veel heil verwag van sy asketiese opvatting nie. Ons kan b.v. nie die sedelike waarde insien, wanneer die onderwyser moet beproef, hoe lank die leerlinge dit op 'n uitstappie sonder water kan hou nie, tensy dit by wyse van onskuldige speletjie kan geskied. Van groter waarde skyn dit vir ons te wees, dat so'n klas daar eer in sal stel, om gedurende so'n uitstappie daarvoor te sorg, dat daar in die geheel nie gekibbel sal word nie. Dit is 'n ongesogte askese en selfbedwang waar wel iets konstruktiefs van kan uitgaan.

J.H. Gunning het in sy "Verzamelde Paedagogiese Opstellen," (Deel II: pp. 142 - 182) die denkbeelde van Foerster besonder waardevol gernaliseer, en ons kan nie beter doen, as om enkele van die punte, deur hom aangeraak, hier te noem nie. Gunning sien die waardevolle van Foerster hierin geleë n.l. dat laasgenoemde beslis kant gekies het teen alle sosiale strominge in die tydsges. Van 'n historiese materialisme is Foerster beslis geen aanhanger nie, ewemin van 'n kortsigtige sosiale inpassingspaedagogiek. Volgens Foerster is die inwendige mens die fondament van alle duursame sosiale verbetering. Versterking van die individuele persoonlikheid/...

likheid is die hoeksteen van sy hele paedagogiek. Hiermee gaan Gunning heelhartig saam. Verder lê die waardevolle van Foerster vir hom hierin, n.l. dat hy op ondubbelsinnige wyse die unieke waarde en die onontbeerlikheid van die godsdiens vir alle vertakkinge van die sosiale lewe aangetoon het.

In Gunning het Foerster 'n heelhartige ondersteuner, veral waar laasgenoemde dit so dikwels het om "het heil der ziel" met die nadruklike beklemtoning van die allesoorheersende noodsaaklikheid van selfbeheersing, die voortdurende protes teen alle vermeeklikende elemente in die opvoeding, die ernstige verkondiging dat die kwaad sy meester altyd straf omdat dit hom slegter maak. Verder: sy suggestiewe verwysing om kinders in die gewone dinge van die daelikse lewe die hoogste sedelike beginsels te doen opmerk, en om dié in hulle gewone daelikse lewe toe te paa, met sy herhaalde aanbevelinge om die leerlinge belangstelling vir hulle omgewing, veral vir mense daarin, in te boesem, is deurgaans baie behartingswaardig.

Ook betoon Gunning besondere instemming met die volgende aanhaling uit die pen van Foerster self: "Het bloote weten van zedelyke voorschriften kan geen diepere zedelyke werking te voorschyn roepen, juist omdat de grondkrachten van het karakter door de abstrakte leer niet in werking gezet worden..... Men kan het kind niet door zedelyke deducties tot zedelyke ervaring leiden, maar omgekeerd: eerst moest het zedelyke op den weg van natuurlyke krachtsontwikkeling tot een ervaring worden.....Innerlyke kracht kan nooit van het verstand uit erkend worden. Wie haar niet door innerlyke ervaring vat en gewaarwordt, voor hem blijft zy niets.....Nicht Moralpredigt, sondern Lebenskunde."

Gunning egter maak Foerster hierdie verwyf, dat sy "Moralpädagogik" op die keper beskou, eintlik niks anders is as "Leuterpädagogik" nie. Want waar dit si. ten slotte prakties op uitdraal, is niks ander nie as net words, words, words. Foerster konstateer in die aanhef van sy "Karakter-
vorming/....

vorming" uitdruklik, dat "er nog te veel vermoeiende moraalprediking te tendenz, te veel speculatie op vluchtige ontroering is," "maar," sê Gunning, "ik vraag ieder, die zyn 'Beispiele' gelezen heeft, in gemoede: ringen niet meegeteld, anders dan 'Ermüdende Moralpredigt?'" Foerster sê: "Woorden doen't 'm niet," maar wat hy gee is worde en niks as net worde nie. Prakties kom sy hele paedagogiek hierop neer "praat met die kinderen,..... doe dat op myn manier." Vir alle rampe en gebreke in die kinder karakter het hy slegs een enkele universele geneesmiddel: "een preekje."

Hierdie misvatting lê nou vir Gunning nie in die etiese en religieuse beginsels van Foerster nie, maar in sy psigologie. Behalwe wat ons reeds te dien effekte as gebrek by Foerster gevind het, meen Gunning dat hy nog 'n aanhanger en slagoffser is van die voorstellingspsigologie wat die menslike sielelewe in voorstellinge laat opgaan. (Vlg. Herbart en sy skool.) 'n Paedagogiek wat op hierdie psigologie opgebou is, bly noodsaaklikerwyse intellektualisties. Ook hierteen is Foerster nie gevrywaar nie, want al praat hy ook nog so gemoedelik, rig sy paedagogiek sig tot die hoof, en nie tot die hart nie.

Dis ook hier, waar na ons beskeie mening, die groot leemte in die karakterleer van Foerster geleë is, n.l. dat ook hy nie ontkom het aan die ou Sokratiese dwaling nie, n.l. dat wie waarlik weet wat goed is, dit ook sal doen. By hom is dit ook 'n geval van: die natuur is sterker as die leer. Foerster beweer b.v. "de opvoedende werking van het leven moet voorbereid worden door een onderwyzing, die het werkelyke leven leert verstaan." Na ons beskeie mening is dit tog presies die teenoorgestelde: eers die ervaring en dan, as dit nodig is, die menslike onderwysing.

Sy etiek as strukturele onderbou vir sy paedagogiek is geen volledig uitgewerkte sisteem soos ons dit b.v. by Heymans, Kant, Paulsen, Wundt, Scheler, e.a. kry nie, maar dit

bevat/.....

bevat tog hierdie waardevolle bydrae, n.l. dat hy opnuut aangetoon het, dat die sedelike nie herleibaar is, uit faktore ander as sedelike faktore nie.

Alhoewel Foerster die sedelikheid op meer as sedelike faktore fundeer, veranker hy dit tog in die persoonlike, die uitsluitlik sedelike, as eiesoortige, aan die mens eie geestesaanleg, waarby die opvoeding moet aanknoop. Dit mag wellig, soos ons reeds opgemerk het, na heteronomie van die ergste graad klink, waar nl. die sterkere sy wil op die swakkere poneer, maar waar Foerster hom in sy induktiewe metode so min steur aan sy outoriteitsbegrip, kan ons hom nie as voorstander van 'n heteronome sedelikheid beskuldig nie. Trouens: in die volgroeiende sedelikheid is o.i. die teëstelling tussen die heteronome en outonome opgelos. Heteronoom is so 'n sedelikheid vir sover die enkeling sig in haar buig vir wat hy as bo-individuele wette en waardes erken: outonoom vir sover dit in die rede lê om die wette en waardes te erken en te doen, en om in hierdie erkenning en diens, die volle vreugde en vryheid van die lewe te vind. Ook val hierin die formele en materiële saam; die formele, omdat hier beginsels geld wat bo die empiriese en toevallige uitgaan; die materiële, omdat hierdie beginsels tegelyk 'n ryke inhoud orden en ons tot konkrete realisasie verplig, omdat in die gees van Plato, die bosinnelike Idee van die Goeie tegelyk gedink word as praktiese ideaal en as grond vir die moontlikheid en werklikheid daarvan, ook in die gegewe wêreld.

Hierdie gedagte kom ook besonder mooi uit in wat ons by Foerster as versoeningsgedagte gevind het tussen vryheid en outoriteit, nl. as vrywillige gehoorsaamheid.

Ons het gesê dat Foerster die groot eksponent is van die heroïsme in die opvoeding. Hy laat 'n mens so telkens weer dink aan die skone woorde van Nietzsche wie eenmaal gesê het, "moenie daardie held wat daar in jou siel skuil, uitwerp nie." Foerster het ons opnuut weer bewus gemaak van die onver-nietigbare/....

nietigbare ewigheidswaardes wat daar in die nietigste van nietige sterweling skul, en dat dit die taak van die opvoeder is, om die opvoedeling daartoe te bring, om 'n sigbare simbool te word van die ryk waar Waarheid, Goedheid en Skoonheid in volmaaktheid troon.

Hierdie ewige, onsigbare en ideële kan sig enkel via die tydelike, sigbare en reële handhaaf; omgekeerd ontleen die sigbare en reële al sy krag en waarde en stabiliteit aan die onsigbare en ideële. Wanneer hierdie onsigbare en ideële hulle intrek in mense as potensiële draers daarvan geneem het, dan woel en woeker hulle in stilte en in krag voort, en gee hulle sin en waarde en kleur aan die lewe. Dan word hulle uit hulle eie ryk in die aarde ingeplant om hier te groei en te bloei en om saad te wen vir 'n edeler oes. Foerster bring andermaal weer so sterk op die voorgrond, dat ons kinders van hierdie wêreld is, maar erfgename van die ryk van die gees.

Die allesbeheersende noodsaaklikheid van 'n vaste lewensbeskouing as agtergrond en oriëntasiemiddel vir ons hele onderwysbeleid is meesterlik geaksentueer. Die lewensbeskouing wat hy opgebou het, waarborg veral in hierdie tyd van verval en sedelike ontreddeering, verband met die realiteit van die lewe. Nooit voel 'n mens, dat hy alleen staan nie, en al sou jy ook alleen staan terwille van die waarheid en die stem van die gewete, dan het jy nog groter bondgenote as die geskree van "hosanna- vandag" en die "kruis-hom-môre." Die persoon wat vaste staanplek in die groot heelal verower het, sal elke dag voor en tussen sy opvoedeling beweeg met 'n helder omlynde doelwit. Hy sal weet wat hy wil en waarom dat hy dit wil. En as 'n mens al weet wat jy wil en waarom dat jy wil, dan is driekwart van die opvoedkundige weg al bewandel. Dis jammer, maar dis goed, dat 'n karakterpaedagogiek soos dié van Foerster, ons tot bescheidenheid en nederigheid noep, en 'n besef van eie nietigheid en onwaardigheid laat ontwikkel in die geweldig verantwoordelike taak van mensevorming. Maar dis juis wanneer

ons/.....

ons nietig en swak voel, dat ons sal besef, dat ons elke oomblik meewerk, bouend of brekend, aan die karakters wat nooit passief is nie, maar deurgaans reseptief vir elke gebaar of suggestie van ons kant. Wanneer ons 'n lewensbeskouing en en karakterideaal dra soos deur Foerster voorgehou, as agtergrond vir ons onderwysmetodiek, sal ons 'n bepaalde beleid kan volg, en sal die onderwyservorming telken lewensbeskouingsverandering veronderstel, en nie die wisseling van politieke partye nie, wat helaas ook hier te lande, te dikwels die onderwysbeleid dikteer. Archimedes het gesê: Gee my 'n staanplek en 'n paal lank genoeg, en ek sal die wêreld uit haar baan lig." Ons is die mening toegedaan, dat indien ons 'n staanplek het op die terra firma van 'n vaste lewensbeskouing, ons die wêreldopvoeding uit haar doolhof van sielsinternering kan lig, waarin die wêreld, die gees van opvoeder en opvoedeling in die huidige tyd so gevange en bevange sit. Lewensbeskouing en karakteropvoeding: die wêreld van die gees. *inleiding tot die wêreld van die gees* Sal dit ons nie beter kinders van hierdie wêreld maak, en waardiger erfgename van die Ryk van God nie? Dis enkel dan, dat ons ons swaarkry met lekkerkry sal klaarkry, want: "Alles Vergängliche ist nur ein Gleichnis."
